

2020 Toyota Hilux 2.8 GD-6 RB
54-jarige man



PREMIE
R681 p.m.
OUTBONUS R2 547

2019 Toyota Fortuner 2.4 GD-6
47-jarige man



PREMIE
R740 p.m.
OUTBONUS R2 767

2020 VW T-Cross 1.0 TSi Highline
54-jarige vrou



PREMIE
R560 p.m.
OUTBONUS R2 096

2018 Nissan X-Trail 2.5 Acenta
51-jarige man



PREMIE
R672 p.m.
OUTBONUS R2 516

...en as ons nie jou motorversekeringspremie kan klop nie,
kan jy vra vir R500 en as jy die afgelope drie jaar by dieselfde
versekeraar was en nie geëis het nie, vra vir R1500 en...

sms "jagter" na 31495 | skakel 08 600 60 000

Tot jou diens, selfs tydens algehele afsondering.

OUTsurance is 'n gelisensieerde versekeraar en FDV. Premies is afhanklik van die risikoprofiel en word jaarliks hersien gebaseer op die risikoprofiel en ekonomiese faktore. Die OUTbonus word uitbetaal na drie eisvrye jare, is gebaseer op jou premie en is ingesluit in jou standaardvoordele. Die OUTbonus-waarde is die geprojekteerde OUTbonus aangedui in huidige waarde terme. B's en V's geld. Oproepe: standaardtariewe geld. SMS: 50c. OP20/0731/A



Waar jy altyd
iets uitkry.

AUGUSTUS 2020 NO. 08163
RSA R45.00
(BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N\$45.00

JAGVERTELLING
DIE VOORREGTE
VAN 'N
VELDKIND



FAMOUS DOGS
THE BLACK DOG
OF FINCA VIGIA



Die tydskrif vir die jagter en bewaarder/The magazine for the hunter and conservationist

JAGTER

SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

HUNTER

DANGEROUS
GAME HUNTING

THE SOUND
OF THUNDER

JAGSTORIE

BLESBOK-
DRIEKUNS

KALIBERKEUSE

PERSOONLIKHEDE
EN KALIBERS

TROPHY
HUNTING
IN AFRICA:
THE FACTS



JAGTEGIEKE
KWESSKOOT
- WAT NOU?

MAUSER SE
STAATMAKER — DIE 9.3X62



08163

9 770259 935002

Fullfield™

GAME-CHANGING RIFLESCOPES

For even more magnification and precise holdover estimation 6-24x50mm has increased 6x magnification and three reticle options built on a 30 mm tube for long range shooting activities.

Available with three reticle options including the Ballistic 3, this is the only Fullfield model to feature the Fine Plex and SCR MOA reticles.



FULLFIELD III™ 4-16X50MM BALLISTIC E3

- Large 50mm objective for better light transmission
- Available with dedicated 6.5 Creedmoor reticle
- Side parallax adjustment

FULLFIELD IV™ 6-24X50 MM

- Ideal for long-range target shooting
- Choice of three precision reticles
- Side parallax adjustment

FULLFIELD IV™ 2.5X10X42MM

- Wide field-of-view
- Rugged, lightweight design
- Finger adjustable windage/elevation turrets

AVAILABLE IN THE FOLLOWING MAGNIFICATIONS



Available at all participating dealers. Contact Inyathi to locate your nearest dealer.

INHOUD

UITGAWE: AUGUSTUS 2020

RUBRIEKE


- 4** PADLANGS
- 6** BOSPOS
- 8** SNELVUUR
- 10** KOMPETISIE
- 12** DOOIERUS – MOEDERS VAN AFRIKA
- 48** BOKSPOG

ARTIKELS

- 14** SOUND OF THUNDER
ANDREW BALDRY
- 18** MAUSER SE STAATMAKER –
DIE 9.3X62
JOHAN VAN WYK
- 24** THE BLACK DOG OF FINCA VIGIA
KOBUS DE KOCK
- 27** BREÛKOPAREND MET SY
GEWIGTIGE VANGS



- 28** KWESSKOOT – WAT NOU?
THINUS STEYN
- 32** TROPHY HUNTING IN SOUTH
AFRICA: THE FACTS
JOHAN VAN WYK



OP DIE VOORBLAD

Prof. Brian Reilly se pasmaak-9.3x62 op 'n M98 Oberndorf Mauser-aksie, gebou deur Steve Fourie. Die kolf is van Amerikaanse Claro-okkerneut.

BUFFELFOTO: Nic de Bruine
GEWEERFOTO: Prof. Brian Reilly

- 39** DIE VOORREGTE VAN 'N
VELDKIND
PIETA OOSTHUIZEN
- 42** PERSOONLIKHEDE EN
KALIBERS
JOHAN SNYMAN
- 50** BLESBOKDRIEKUNS
XANDER VAN DER WESTHUIZEN
- 54** THE GUN FROM KLEES-
FONTEIN
SIMON NEVILLE



SAJWV

- 45** DIE JAGTER SE TYD VIR
INTROSPEKSIE
GERHARD VERDOORN

TOETSVERSLAG

- 36** EAGLE BARRELS VIR
SKIETLUSTIGES
KOOS BARNARD

JAGTER HUNTER

TEL: 012-485-9382

WEBTUISTE: www.sajagterhunter.com

Privaatsak X202, Pretoria, 0001
Xcelpark, h/v Lynnwood- en Roderickstraat,
LYNNWOOD, 0081

REDAKSIE

REDAKTEUR:

Johan van Wyk
Johan.vanWyk@media24.com
Tel: 012-485-9403

SUBREDAKTEUR (VRYSKUT):

Eunia Barnard (Artikelnavae & taalversorging)
Eunia.Barnard@media24.com

SUBREDAKTEUR:

Marisa Beeton (Taalversorging en webblad)
Marisa.Beeton@media24.com Tel: 012-485-9350

UITLEGKUNSTENAARS:

Marthie van Dyk (Uitleg en produksie)
Marthie.vanDyk@media24.com
Tel: 012-485-9404 Faks: 086-559-8004
Malinda Craythorne (Advertensie-ontwerp)
Malinda.Craythorne@media24.com
Tel: 012-485-9405 Faks: 086-535-4073

KANTOORBESTUURDER:

Maphuti Mongatane (Navrae/Administrasie)
Maphuti.Mongatane@media24.com
Tel: 012-485-9382 Faks: 086-535-4058

MEDEWERKER:

Herman Jonker

ADVERTENSIES

BESIGHEIDSBESTUURDER: Dirk Lamprecht
012-485-9356 / Dirk.Lamprecht@media24.com

ADVERTENSIEKONSULTANT:

Jacques Boshoff 012-485-9357/079-528-8793

NAVRAE EN INLIGTING

INTEKENARE:

Tel: 087-353-1300/Faks: 086-296-6681
SMS: 32361

E-pos: subs@media24.com

SAJWV-LEDE:

Michel Schoeman
Tel: 012-808-9300/E-pos: michel@sahunt.co.za

RAKVERKOPE:

Armand Kasselmann
Tel: 021-503-7164/E-pos: armand@onthedot.co.za

MEDIA24

MEDIA24 WEEKLIKSE TYDSKRIFTE

HOOFBESTUURDER: Minette Ferreira

UITGEWER: Theuns Venter

ADMINISTRASIE: Johan Terblanche

SIRKULASIEHOOF: Johan Sadie

KATEGORIEBESTUURDER SIRKULASIE:

Armand Kasselmann

INTEKENARE: Elmarie Eygelaar

HOOF MEDIA24-TYDSKRIFTE: Ishmet Davidson

HOOF FINANSIES-TYDSKRIFTE: Jameelah Conway

Printed by
novus print
A Division of Novus Holdings

DRUKKER:

Novus Print, 10 Freedom Way,
Marconi Beam, Milnerton, 7441.

UITGEGEE & VERSPREI:

Media24 (Reg. no. 05/038385/06),
Heerengracht 40, Posbus 2271,
Kaapstad, 8000

abc
PUBLISHER
RESEARCH COUNCIL

© Kopiereg SA JAGTER/HUNTER. Alle regte voorbehou. Mennings van medewerkers, rubrieksrywers en korrespondente word nie noodwendig deur SA JAGTER/JAGTER onderskryf nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van advertensies nie.

SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespasie of gunstige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestemmings vir gratis jagte of produkte nie.



JOHAN VAN WYK

LIG AAN DIE EINDE VAN DIE TONNEL

FOTO: ALANI JANEKE

Teen die tyd dat julle hierdie woorde lees, is die hele Suid-Afrika steeds op vlak 3-inperking (met vlak 2-inperking hopelik 'n vooruitsig in die nabye toekoms), en het die meeste van ons se daaglikse roetine stadig begin terugkeer na 'n skaduwee van wat dit in die verlede was.

Die Covid-19-pandemie het ongekende ontwrigting en skade veroorsaak, en een van die ondernemings wat die swaarste daaronder deurgeloopt het, is ons land se wildboerdery. Omdat wildboere grootliks op jagters aangewese is om 'n inkomste te verdien gedurende die wintermaande, kon die tydsberekening van die Covid-inperkinge nie op 'n slegter tyd vir hulle gekom het nie. My hart gaan uit na ons wildboere in

hulle stryd om oorlewing.

Te midde van al die neerslagtigheid is daar darem so 'n sprankie hoop ook, en dit is dat ons teen die einde van die jagseisoen die kans sal kry om saam met goeie vriende om 'n vuurtjie in die jagveld te kan sit. In lande soos Botswana is die jagseisoen verleng ten einde jagters te kan akkommodeer en die jagindustrie kans te gee om broodnodige fondse te kan genereer. Hierdie fondse moet nie net die jagondernemers en hulle personeel aan die gang kan hou nie, maar ook vir noodsaaklike bewaringspogings sorg. Dalk is dit tyd dat 'n soortgelyke stap in Suid-Afrika oorweeg word.

Soos ons land se ekonomie weer stadig maar seker aan die gang begin kom, is dit belangrik

om te onthou dat ons wapenhandelaars ook ondersteuning nodig het. Of dit nou die bekende familiebesigheid is of die invoerder met die bedingingsmag, nie een van hulle is ongeskonde deur die Corona-drif nie. Daar was dus waarskynlik nog nooit so 'n goeie rede of geleentheid vir eenheid en saamstaan in ons industrie nie.

Uit 'n persoonlike oogpunt is hierdie uitgawe ook ietwat van 'n vurk in die pad vir my. Na baie jare het Koos Barnard die tuig neergelê en het ek op 1 Junie as redakteur van SA JAGTER/HUNTER by hom oorgeneem. Hier by die tydskrif wens ons Koos en sy gesin alle sterkte toe met hulle toekomsplanne. Wees asseblief verseker dat SA JAGTER/HUNTER steeds sal

voortgaan om 'n goeie balans van vermaak, ontspanning, tegniese inligting en avontuur aan ons lesers te verskaf.

Ten spyte van die baie hobbels in die pad wat ons sedert einde Maart beleef het, glo ek dat die res van 2020 vir ons as jagters en natuurliefhebbers tog wel positiewe dinge sal oplewer. Saamstaan, hoop en vertroue behoort in hierdie tye drie onontbeerlike bestanddele in ons lewensmondering te wees. Sterkte en wees veilig!



TEMPERATURES CHANGE. POINT OF IMPACT SHOULDN'T.



ALLIANT POWDER®

Technically Superior by Design

You can't change the weather. The weather shouldn't change your shooting. That's why we developed the newest propellants in the Reloder® family. **Hot or cold. Always on target.**

10x, 15, 16, 17, 19 and 22 Reloder powder available at all participating dealers. Contact Formalito to locate your nearest dealer.

Available at all Premium Dealers countrywide.
www.formalito.co.za | tel: +27 (12) 664 7793/4

FORMALITO
SPORTS • ARMS • OUTDOOR

BOSPOS

Sê jou sê

E-pos na marisa.beeton@media24.com

WENBRIEF

DIE VERLIGTING IS MIN

Minister Nkhensani Kubayi-Ngubane het einde Mei aangekondig dat jag vir eie gebruik vanaf 1 Junie 2020 toegelaat sal word. Sy verduidelik brandasem dat buitelandse jag steeds nie kan plaasvind nie, maar dat jagplaaseienaars darem vir die res van die jaar hulle koffers met sowat twee miljard rand uit plaaslike biltongjagte sal kan vul. (*In die Staatskoerant van 5 Junie kondig minister Barbara Greecy amptelik die oopstelling van bestaansjag (subsistence hunting) aan, sowel as die wettige vervoer van karkasse vir eie gebruik.*)

Die duisende plaaswerkers, drywers, gidse, kokke, skoonmakers en slagters op jagplase wat tans geen inkomste het nie, moet luister. Hulle oomblik van verlossing het aangebreek: Die jagbedryf is oop!

Die minister laat egter buite rekening dat die jagplaaseienaar steeds nie groepe jagters mag

toelaat nie. Baie wildplaaseienaars is totaal afhanklik van die binnelandse én buitelandse jagbedryf. Nie almal van hulle het gediversifieerde boerderye nie. Dit beteken dus dat talle werkers op jagplase steeds geen inkomste het nie.

Wat alles soveel meer ironies maak, is dat ons kort na die minister se aankondiging moes hoor mediese wetenskaplikes is dit eens dat die regering die totale ekonomie maar kan oopstel – niks kan die gang van Covid-19 meer verander nie. Hy sal sy tol eis, met of sonder 'n oop ekonomie.

GERBIE STRYDOM

** Gerbie wen die R1 000-geskenkbeuys van Safari Outdoor. Baie geluk!*

MOOI LOOP, KOOS!

Beste Koos

Die onverwagse nuus oor jou ouderdomgedrewe aftrede was vir my ietwat ontstellend, omdat dit voel soos 'n groot verlies nadat ek jou en Eunia oor die jare leer ken het – eers deur *Man-
Magnum* en later deur SA JAGTER/HUNTER.

Baie dankie vir dit wat julle as egpaar vir ons as jagters en natuurliefhebbers voorgeleef en gedeel het, die suiwer standaard wat julle gestel het. Dit sal 'n blywende voorreg wees om julle as vriende te bly reken.

Ek het empatie met julle oor hierdie nuus. Vader Tyd stap onverbiddelek aan en my eie holruggeryde antwoord dat ek steeds 28 jaar oud is met 67 jaar se ondervinding, oortuig niemand meer nie. Tog voel ek in my hart en gemoed steeds so, alhoewel stywerwordende litte

en steilerwordende rante soos 'n handrem werk wat algaande stywer opgetrek word. Gelukkig, en dit deur genade, bly ek woel en werk en lyk alles nog net so mooi as ek toe ek wel 28 was. Boonop is daar nog soveel wat ek wil en kan doen!

Dalk vind my volgende gedigie, geskryf toe ek ook sestig geraak het en teen my agtergrond as medejagter en veldmens, aanklank by julle:

WERKSAANSOEK OPSESTIG

Die sonbesie in die graspol in my oor

beaam bloot die badkamerspieël lankal wis

Van die lang maer blonde man te veel om my middellyf oor is

Met grysheid kom sonderlinge wysheid

en verruiming van die gees sê hulle

Eerder nog herinneringe te wil maak

as te herleef, aan't soek na my brille

Wou nog 'n olifant tem, met swartwildebeeste

rooi stowwe opjaag voor die wind op

hotagter

Sou die Skepper van gans hemel en aarde

eendag my in diens neem as leerling-

veldwagter

Mag 'n wonderlike, vervullende tydvak vir julle voorlê. Ek wens julle veel vreugde en seën toe.

Hiermee groet ek met Koos se eie, gewaardeerde woorde: Mooi loop!

GERRIE VOSSER

NABY AAN DIE AARDE – GEAARD

Op 'n Sondagaand in Junie volg ek die program, *Conversation Starter*, op kanaal 180. Dit handel oor *grounding*. Wat 'n interessante konsep! Die ou wat die navorsing begin doen het oor die eenvoudige beginsel van geaardwees (*ge-earth* te wees), het

verskeie mense op sy program laat getuig oor die verskil wat Moeder Aarde gemaak het in hulle lewens. Die blote aanraking met grond, gras, sand en enige natuurelemente het 'n radikale verskil aan hulle geestesgesondheid en fisiese gesondheid teweeg gebring. Mense het getuig van byvoorbeeld depressie, gewigsprobleme, hartsiektes en inflammasie wat verdwyn het nadat hulle op gereelde basis direk kontak begin maak het met die natuur.

Hoe gebeur die kontak? Eenvoudig net deur te vat aan die grond, plante en klippe, of enige voorwerp wat deel is van die Skepping. Direkte kontak met jou sitvlak, kaal voete of hande. Lê op die gras, sit plat op die grond, hardloop op die seesand, speel in die water, trap oor klippe, klim teen rotse. Wees bloot in aanraking met die aarde. Dán is jy geaard.

Dadelik bring hierdie konsep van geaardwees my gedagtes by jagterwees, voetslanerwees en vrywees. En ek besef: dis hoekom die jagervaring, die stap, versigtig trap, suutjies op jou knieë en hande kruip, die sit rondom 'n kampvuurtjie, die lê en kyk na die sterre, die klouter teen kranse en eenvoudige take soos die bymekaarmaak van hout ons gelukkig maak. Dis alles dinge wat my in direkte kontak bring met die natuur. Plat op die aarde is ons ten volle geaard en geanker. Geestelik voel ons vervuld.

Weer en weer roep die veld ons terug. Bosveld, Karooveld, grasveld of savanne... Dis die sit en wag, die stilte, die rus, die mooi van die kleinvolk, die fyn spinnerak tussen die takke, die pienk skynsel van die knietjiesgras en die wonder van die bloublou berge teen die ondergaan van die son wat my as jagter en natuurliefhebber geaard hou. En nou verstaan ek hoekom: My hele wese word herlaai en word nuut as ek in aanraking met die natuur is.

PETER VAN PRETORIA

WENBRIEF
WINNING LETTER

R1 000

GESKENKBEUYS / GIFT VOUCHER



**SAFARI
OUTDOOR**

WWW.SAFARIOUTDOOR.CO.ZA



**KIES 'N JAGGEWEER WAT
ELKE SKOOT LAAT GELD**



STEYR ZEPHYR II Beskikbaar in .22 LR Rimfire



STEYR CLASSIC II Beskikbaar in .243 Win, 6.5x55 Swedish, .270 Win, 7x64 Brenneke, .308 Win, .30-06 Springfield, .300 Win Mag, .300 WSM en 9.3x62 Mauser



STEYR SM 12 . Beskikbaar in 6.5x55 Swedish, .308 Win, .30-06 Springfield en .300 Win Mag



STEYR MONOBLOC Beskikbaar in .30-06 Springfield

TERWYL VOORRAAD HOU. BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD. BF&W.

JOHANNESBURG

Rivonia Crossing II,
3 Achterweg, Sunninghill

Tel: 0861 14 35 45

PRETORIA

Lynnwood Bridge-sentrum, h.v.
Daventry- & Lynnwoodweg

Tel: 0861 22 22 69

STELLENBOSCH

Devon Place-Sentrum, h.v. R304
& Bottelaryweg, Koelenhof

Tel: 0861 11 43 30

OOSRAND

East Rand Retail Park,
North Randweg, Boksburg

Tel: 0861 000 071

WESRAND

Cradlestone Winkelsentrum,
Hendrik Potgieterweg, Ruimsig

011 662 2100

volg ons op sosiale media



of besoek ons webwerf: www.so.co.za

SNELVUUR



'N NUWE STUURMAN AAN BOORD

SA JAGTER/HUNTER verwelkom Johan van Wyk as nuwe redakteur. Hy het op 1 Junie die leisels by Koos Barnard oorgeneem en benewens die Augustus-uitgawe, wat die eerste amptelike tydskrif met hom in die redakteurstoel is, het hy ook die April- en Mei-uitgawes vroeër vanjaar saamgestel en toe reeds sy bekwame stem-pel afgedruk.

Johan is in 1975 in Bulawayo in die destydse Rhodesië gebore en het in die ou Noord-Transvaal (nou Limpopo) grootgeword. Met die bosveld op sy voorstoep is 'n liefde vir die veld en wildlewe reeds vroeg by hom gekweek en het hy as jong seun al begin jag. Deur die jare het hy in verskeie Afrika-lande, sowel as Australië, jagondervinding opgedoen.

Johan geniet dit om sy jag-ervarings en geweerkennis te deel en hy het sedert 2000 vir verskeie plaaslike en internasionale publikasies bydraes gelewer. Hy het ook 'n geruime tyd as vryskutskrywer bydraes aan SA JAGTER/HUNTER gelewer voordat hy in April 2019 voltyds as adjunk-redakteur aangestel is.

Johan het 'n groot belangstelling in veral ou versamelbare Britse gewere en haelgewere, maar Duitse Mausers gaan ook nie sommer ongesiens by hom verby nie. Hy bieg dat sy gunsteling-geweer 'n Heym .450 NE is.

Ons het volle vertroue dat Johan, met sy ervaring en kennis, sal voortbou op die sukses van SA JAGTER/HUNTER gedurende die nuwe era wat voorlê.

BEDREIGING VIR ZIMBABWIËRS

Die Corona-virus is beslis nie die grootste bedreiging vir Zimbabwe se inwoners nie. Konflik tussen mense en diere (soos olifante) het die dood van 'n totaal van 24 mense in dié suidelike Afrikaland veroorsaak sedert die staat van inperking aangekondig is.

Die areas waar sterftes gerapporteer is, sluit in Kariba, die omgewing van die Hwange en Ghone-re-Zhou Nasionale Parke, sowel as die Savé Valley-bewaararea waar verskeie gevalle aangemeld is.

Sommige van die diere wat sterftes veroorsaak het, is onder meer luiperds, leeus, olifante en renosters.



BESTAANSJAG WEER TOEGELAAT



Dit was met groot verligting dat Suid-Afrikaanse jagters op 5 Junie die goeie nuus ontvang het dat die jag vir vleis (oftewel bestaansjag) onder streng beheerde omstandighede weer toegelaat word onder vlak 3-inperking. In terme van die regulasies wat deur die minister van omgewingsake, bosbou en visserie bekend gemaak is, kan jagters met behulp van die nodige permitte weer interprovinciaal reis ten einde te kan jag om vleis vir hulle eie huishoudings te kan bekom.

Soos te verwagte het die inhoud van die regulasies bykans onmiddellik groot spekulasie by die publiek ontlok, en een van die vrae wat die meeste gevra is, is of 'n jagter sy vrou en kind mag saamneem op 'n jagtog in hierdie tye. Die antwoord hierop is ongelukkig nee, tensy die jagter se vrou en kind self jagters is, en oor jagpermitte van hulle eie beskik. Familienaweke en vakansies in die jagveld is dus nog nie 'n realiteit nie, maar sal hopelik weer 'n moontlikheid wees as die land na vlak 2-inperking geskuif word.


Ongelukkig het sommige jagters steeds gekies om die regulasies te verontagsaam en doodluiters hulle families saam met hulle geneem. In een geval is 'n bespreking vir vier jagters by 'n jagplaas gemaak, maar 'n totaal van 26 persone het opgedaag, insluitend vrouens en jong kinders! Sulke optrede is uiters onverantwoordelik en kan daartoe lei dat die toegewings wat gemaak is, teruggetrek word. Dit kan nie genoeg benadruk word dat dit nou, meer as ooit, belangrik is om by die regulasies te hou en jagters se beeld te beskerm nie.

Soos met alle nuus van hierdie aard, het dit baie werk agter die skerms geveer om die minis-

ter te oortuig om wel bestaansjag onder vlak 3-inperking toe te laat, en die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging was, saam met ander rolspelers, aan die voorpunt van sake hier. Lizanne Nel (bestuurder: Bewaring) en Boetie Kirchner (bestuurder: Jagsake) het baie harde werk agter die skerms gedoen om jag nie net weer 'n moontlikheid te maak nie, maar ook om die lede ingelig te hou oor die stand van sake in samewerking met HAWASA (Hunting and Wildlife Associations of South Africa). Hiermee dan 'n hartlike dankie aan al die rolspelers wat jag weer 'n moontlikheid gemaak het!

Soos wat ons ook al gesien het in die laaste paar maande, kan die situasie op kort kennisgewing weer verander. So het daar op 14 Junie verskeie omstandskrywes op sosiale media die rondte gedoen wat aangedui het dat die regering oorweeg om die regulasies (wat op 5 Junie in die Staatskoerant gepubliseer is) te herroep en te vervang met strengere regulasies. Dit sou die toestand waaronder ons mag jag onder die bestaande regulasies, weer inperk. Soos te verwagte, het hierdie skrywes wye reaksie ontlok, en het verskeie humeure weereens opgevlam.

Die realiteit ten tye van publikasie hiervan is egter dat die regulasies soos uitgevaardig op 5 Junie steeds geldig is, en dat bestaansjag steeds wettig is met die korrekte permitte. Hierdie regulasies kan slegs herroep of vervang word deur middel van 'n kennisgewing wat in die Staatskoerant gepubliseer word. Tot tyd en wyl dit plaasgevind het, is bestaansjag dus wettig en versoek ons jagters om die regulasies te respekteer, die jag te geniet en veilig te wees



RAAISELAGTIGE OLIFANTVREKTES IN BOTSWANA

Gedurende Mei 2020 het die Botswana-regering aangekondig dat tot soveel as 56 olifante op raaiselagtige wyse gevrek het in die Seronga- en Eretsha-distrikte noord van die Okavango-delta.

Aangesien geen teken van enige skietwonde gevind kon word nie, is die moontlikheid dat die olifante deur stropers van kant gemaak kon word, uitgesluit.

Die plaaslike bevolking in die twee distrikte waar die olifantkarkasse gevind is, is afgeraai om die vleis van die dooie olifante te benut, tot tyd en wyl die oorsaak van die sterftes bepaal kan word.

STAY ALERT ▶ CONTROL THE VIRUS ▶ SAVE LIVES

COVID-19 SE GEVOLGE VIR DIEREPRODUKTE-HANDEL

Volgens 'n onlangse studie het die verspreiding en gevolge van Covid-19 (veral op ekonomiese front) uitgebreide gevolge vir die handel in diereprodukte. As gevolg van die grootskaalse werksverliese wat deur die pandemie veroorsaak is, het die stroping van wild met rasse skrede toegeneem weens 'n tekort aan voedsel. Ontbossing vir die verkryging van vuurmaakhout en die vervaardiging van houtskool het ook drasties toegeneem.

In Zimbabwe word groot skade aan dié land se kremetartbome aangerig, aangesien die bas van hierdie

boomspesie aangewend word vir die vervaardiging van matte en soortgelyke produkte.

Die meeste van die handel in diereprodukte vind plaas in informele nedersettings. In baie gevalle is hierdie handel glad nie gereguleer nie en word dit genoodsaak as gevolg van die dood van 'n primêre broodwinner weens die virus.

Daar is gelukkig ook positiewe nuus. Die pandemie het tot gevolg gehad dat baie huishoudings groentetuine aangeplant het vir voedsel. Dit het hulle gehelp om meer selfversorgend te raak.



WILDEVLEIS VIR BRITSE NOODWERKERS IN VOORSTE LINIE

Die Britse Game Alliance, in samewerking met kosprodusente, Game & Wild en Samworth Bros, het gedurende die Covid-19-krisis saamgespan en 'n organisasie, genaamd Game Aid, in Brittanje op die been gebring. Game Aid het spesifiek ten doel om kos te verskaf aan Britse mediese noodwerkers in die voorste

linie, maar met een verskil: Die kospakkies bevat wildsvleis.

Die kospakkies word gratis aan gezondheidswerkers verskaf en bevat vleis van diere soos wildevarke en fisante. Volgens die Britse owerhede het hierdie kospakkies 'n groot verskil in die lewens van gezondheidswerkers gemaak.


Besoek ons webwerf!

www.sajagterhunter.com

JAGTER HUNTER
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

En kry die nuutste nuus oor die tydskrif, asook oorspronklike artikels, 'n paar goue oues, wenke en lekker wildvleisresepte. Jy sal ook jou geweer en ammunisie daar kan adverteer.





SHRINKING FOREST ELEPHANT POPULATION

In a recent study conducted by scientists from the University of Oregon in America, it was found that the population of the African forest elephant (*Loxodonta cyclotis*) of the Equatorial Rainforest is actually lower than previously thought.

The study was conducted in the Gamba Complex of Protected Areas in Gabon (which consists of two national parks, Loango, 1 550km² and Mouka-

laba-Doudou, 4 500km²). Previous studies estimated the forest elephant population in this area at around 10 000 individuals, but the study by the University of Oregon found that the study area contained just over 6 000 elephants at best.

The study highlighted just how threatened the forest elephant is, as well as the need for extensive monitoring of known existing populations.

RENOSTEREIENAARS TREK KLEINKOPPIE

Suid-Afrika huisves ongeveer 80% van die oorblywende witrenosters (*Ceratotherium simum*) in Afrika, en ongeveer die helfte van hierdie populasie is in privaatbesit.

Onlangs is in die *Conservation Letters* ('n wetenskaplike joernaal wat navorsing publiseer oor die belangrike implikasies vir die bewaring van ons biologiese diversiteit) berig dat tot soveel as 28% van Suid-Afrika se privaat renostereienaars besig is om hulle risiko's te be-

perk deur van hulle renosters ontslae te raak. Die bedreiging wat deur stropers gebied word, tesame met die finansiële onstabieliteit wat deur Covid-19 veroorsaak is, blyk die hoofredes vir dié besluit te wees.

Die pryse wat op veilings vir lewende renosters behaal word, het met tot soveel as 75% gedaal in vergelyke met die situasie twee jaar gelede, en renostereienaars kan ook tans feitlik geen inkomste verdien deur renosters vir trofeedoeleindes te laat jag nie.



WEN

MET DIE KLIK VAN 'N KNOPPIE!

Vier gelukkige lesers staan die kans om die onderstaande Trots Suid-Afrikaanse produkte te wen.

Besoek ons webtuiste
WWW.SAJAGTERHUNTER.COM
en klik op die **WEN-knoppie** om in te skryf.



Volg die instruksies. Die sluitingsdatum vir hierdie maand se kompetisie is 20 JULIE 2020.

HIERDIE MAAND SE PRYSE:

DENNIS KAPPETIJN-MES



Wen 'n Dennis Kappetijn-mes ter waarde van R1 500. Vir meer inligting, sien ons webtuiste; besoek www.kappetijnknives.com of kontak hulle by 082-923-5639 of 082-968-4242.



DOVETAIL-AMMUNISIEKISSIES

Twee lesers kan elk 'n ammunisiekie in die kaliber van hul keuse wen. Die Dovetail-ammunisiekie word gemaak en geborg deur Rudi en Lizelle Louw. Kontak Lizelle by 083-257-4041 vir meer inligting. Elke kisse is ongeveer R525 werd.

WENPRYS

SALTY SAFARI WEAR



Twee kortmouhemde ter waarde van R540 BTW ingesluit

www.stevensonhamilton.co.za

admin@promark.co.za

Produk van Suid-Afrika

Kry jou prys by



PROMARK/ STEVENSON HAMILTON-PRODUKTE

Stevenson Hamilton-produkte word verskaf deur Promark en is landwyd by GWK-takke beskikbaar. Verskillende pryse/produkte (soos hoede, belde, skoene, kamoefleerklere, ens.) kan elke maand gewen word. Vir verdere inligting oor Promark se produkte, besoek gerus hul webtuiste by www.stevensonhamilton.co.za.

JUNIEMAAND SE WENNERS:

- ⚙ **KAPPETIJN-MES:** CRAIG MILNE, KAAPSTAD.
- ⚙ **DOVETAIL:** JACQUES STICKLING, JOHANNESBURG EN HARRY LEWIS, BLOEMFONTEIN.
- ⚙ **SURVIVOR-LEERGORDEL:** COLIN MANSFIELD, KLERKSDORP.

Juliemaand se prysweners se name sal in die volgende uitgawe van SA JAGTER/HUNTER-tydskrif verskyn en dit sal ook op ons webtuiste bekend gemaak word.

FROM BIG *TO SMALL,* WE GOT THEM ALL



Following models available:

HPX615E/HPX815E trim level	Available in a 2 seater option (petrol and diesel units)
XUV560E/M-s4 trim levels	Available in 2 and 4 seater options (petrol units only)
XUV590E/M/M-s4 trim levels	Available in 2 and 4 seater options (petrol units only)
XUV825E/M/M-s4 & XUV855E/M/M-s4 trim levels	Available in 2 and 4 seater options (petrol and diesel units)
XUV835E/M/R & XUV856E/M/R trim levels	Available in a 2 seater option (petrol and diesel units)

E-Trim: entry range model (no-power steering) | M-Trim: mid-range model (power steering) | R-Trim: premium-range model (power steering, cab, HVAC) | M-s4: 4 seater options (power steering)




JOHN DEERE

*Terms and conditions apply (available at www.deere.com/sub-saharan/en).

www.deere.com/sub-saharan/en | africa@johndeere.com | Customer Care: 0800 983 821

Join John Deere on Facebook Follow John Deere on Twitter Watch John Deere on YouTube Follow John Deere on Instagram – #johndeereafrica



MOEDERS VAN AFRIKA

Gee 'n boom 'n drukkie, het iemand eenkeer gesê. Die boom sal dit nie eintlik voel nie, maar aan daardie skurwe boesem sal jy weer jou wese vind want dit aard jou aan die aarde.

Dis waar. Dis asof 'n sensoriese kalmte oor 'n mens daal as jy toe-oë jou hart oopgooi en sagies jou palms oor die plooi van 'n knoetsige stam streel. Veral die ou grotes, die mammoete van die planteryk, sus jou soeke na vastigheid. Voel so met jou vingerpunte oor die braille van hulle bas, dan lees jy dat daar wel dinge in hierdie lewe is wat ewig is.

Soos die massiewe ou njalabessie waaronder ek staan. So 'n *mashatu*, soos hulle hier in Tuli genoem word, bied hawe vir 'n hele kolonie wesens. Bo in die kroon jubel dit van voëls en hier skuins agter my skarrel 'n eekhorinkie met maklike hale teen een van die dik arms uit. Soos 'n moederfiguur wat waak en herberg bied, spreid die ou oewerreus haar omhelsende skadudak oor almal wat skuiling soek.

By die kamp kry ek vir Liesbeth wat al jare hier bly en dinge haaks hou, voor die opwasbak. Sy staan roerloos en staar na die muur, diep in 'n ander wêreld. Die oggend se brekfispan en borde is nog onaangeraak, die vuurmaakplek nog vol as.

Liesbeth?

Sy slaan verskrik haar hand oor haar mond. Toe eers sien ek haar nat wange. Dis haar ma, snik sy. Lettie was siek, later is sy weg na 'n kliniek en uiteindelik Francistown toe. Nou het die tyding gekom: dis verby.

Ek vang myself wonder of dit werklik oor haar ma is wat Liesbeth huil. Want in haar lewe kan trane nie vreemd wees nie.

Haar pa is weg, lankal. In 1989 was dit haar oom Kenneth. Die olifante het hom doodgetrap, net hier agter. Later drie ander mense ook, want die olifante het baie geraak en hulle was oral. Daar was die mal man met die fiets; hulle het net sy stukke gekry. Twee ander mans ook. En ook nog een wat oorleef het met 'n vergruisde been.

Verlede jaar – dit was Augustus –

Die ander twee bondel om die skreeuende baba en skop stof op terwyl die groter kinders magteloos toekyk van die krans af. Lank maal die olifante om die kindjie. Alles is vaal van die stof, maar die reusepote en -slurpe raak nie aan die baba nie.

Olifante is goeie moeders. Kan dit wees dat hulle Ida aangeval het omdat hulle gedink het die huilende kleintjie word seergemaak?

Liesbeth is ook 'n goeie moeder. Sy is ma vir tien kinders, onder wie haar eie, haar suster

woesting aan die mens toegeskryf kan word? Aan die besetting van die olifanttrope se tuistes en die versperring van hul eeue-oue trekpaaië? En dan die misleide barmhartigheid wat toelaat dat getalle so toeneem waar die oorblywendes gekonsentreerd is, dat hulle self die vernietigers van hul eie laaste heenkome raak.

Sou sy besef dat wat sy om haar sien en beleef 'n ekologiese stelsel is wat in duie stort en dat sy maar een van talle spesies is wat getref word? Miskien weet sy dit, maar sou sy kon glo dat so 'n natuurramp teweeggebring kan word deur menslike inmenging uit lande ver van enige olifante? Deur mense wat nie die realiteite verstaan nie, maar hulle bemoei op grond van emosie en blindgroen idealisme?

Miskien huil sy sommer oor die groot onreg van alles. Oor haar magteloosheid teenoor 'n natuur wat steier onder die aanslae van die mens en hom dan wreek op hulle wat die weerloosste is.

Maar sy sê niks. Sy staan net daar met haar hand oor haar mond terwyl trane uit haar pynverblinde oë stroom. En ek kan aan niks dink om haar mee te troos nie. Ek kan maar net hoop dat sy oor haar ma huil, want op 'n manier klink dit makliker.

Ek draai om en loop terug rivier toe. In die diep skadu van 'n groot *mashatu* gaan spreid ek my arms en lê my kop en palms teen die skurwe bas. Ek voel hoe die gees van Afrika deur my spoel. Ek voel die pyn van Moeder Aarde en haar kinders. ☸

In die diep skadu van 'n groot *mashatu* gaan spreid ek my arms en lê my kop en palms teen die skurwe bas.

tus – loop haar sussie Ida saam met vier kinders wat te bang is om alleen te gaan, na die skooltjie op Lentswe-le-Moriti. Ida is 22 jaar oud, haar dogtertjie wat sy op haar rug dra, 'n skrale vier weke. Die baba huil troosteloos.

Skielik breek drie olifantkoeie uit die bosse en storm op hulle af. Die kinders vlug gillend teen 'n sandsteenkrans uit, maar Ida is nie so rats nie. Sy probeer bosse toe hardloop. Toe die olifante byna op haar is, ruk sy die tjalie los en smyt die kleintjie weg van hulle af. Voor sy kan wegkom word sy platgeloopt. 'n Koei pen haar teen die grond met 'n tand dwarsdeur haar en storm voort om haar liggaam 'n ent verder te loop neergooi.

se kleintjie wat so wonderbaarlik oorleef het, ander wesies en nou ook haar eie ma se jongstes.

Is dít miskien waaroor sy stil trane ween? Oor vigs en wilde diere wat maai, en die las wat dan val op die skraal skouers van dié wat oorbly en so hul stryd teen armoede nog swaarder maak?

Of huil sy dalk oor die verlies van haar wêreld? Haar mense en die landskap wat nou so anders is as toe sy dit as kind geken het, voor die olifante te veel geraak het. Maroelabome was volop, nou is hier niks. Selfs die mopanies staan tot stokke gebreek. Net die ou reuse weerstaan die aanslag.

Sou sy weet dat hierdie ver-

RUDOLPH

OPS Series

Optical Precision System

OPS 5-30x56mm T9 FFP



Features:

- * **NQA** Lifetime Warranty
- * One-piece Tube Construction
- * **Front Focal Plane** Reticle
- * Fully Multi-Coated **ED** Glass
- * **34mm** Tube Diameter
- * **29 MRAD** Elevation Travel
- * Dioptic Compensation
- * Tactical Turrets with **Zero-Stop**
- * Side Focus Parallax Adjustment
- * T9 **Illuminated FFP** Reticle

Dealer Enquiries: 021 887 3700

"WHEN ACCURACY MATTERS"

www.rudolphoptics.com * info@rudolphoptics.com

Andrew Baldry's client posing with his .404 Jeffery and his hard-won trophy buffalo after the hunt.



The sound of thunder is ominous. It is the pending sound of violence. The date was June 2014.

I had just completed my first safari of the season and was privileged to have experienced some of the finest hunting of my

career. I was returning from my Kafue concession in Zambia and had a story to tell. June is considered early season and

THE SOUND OF THUNDER

When the animal has the advantage, hunting can be dangerous but exhilarating.

there is still much moisture around after the rains, which usually dissipates in May.

For whatever reason, the usual big herds of buffalo had not yet crossed from the Kafue National Park into my Kafue concession, as they would normally do at this time. There was quite a bit of lion activity, which could make for a viable explanation, but it meant our pickings were slim. However, all was not lost as the game scouts found evidence of some lone bulls up against the communal belt occupied by the Kaindu tribespeople – the traditional landlords of this area. Here the soil was clay and dominated by the thick and long *Hyparrhenia* grass varieties. Buffalo seek out this damp, dense cover, and hunting in it was electric and very exciting indeed.

These grass stems were as thick as fingers in places and mostly impenetrable for us humans. My client and I were both initially carrying open-sighted .404 Jeffery rifles that had to be held upright as we pushed through the thick grass. I remember taking a break that first morning and opted to upgrade to my .500 double rifle. After all, this is what doubles were designed for and a second barrel would be welcome.



Professional hunter Andrew Baldry with the horns of the buffalo bull after the hunt. Note the massive bosses and blunt tips, indications of an old, mature bull.

June is our winter season and it gets bloody cold. The grass in most places was still fresh, but here and there patches of burn afforded some visibility, and I was hoping that these slight openings would be our battleground. However, the buffalo was having no such thoughts and sought the deepest cover, waiting for us until the last few seconds before thundering off. Now and again, we would catch a glimpse of an ominous dark shadow, but a shot was never

offered. The grasslands were so expansive that the buffalo would often simply circle us and wait. Michael, my tracker, would be a few inches in front of me and was told to duck down if he saw or heard the animal. He trusted me enough to know that I would shoot over his head if needed.

In Zambia, we call these solitary males '*kakulis*', but they are commonly referred to as dagha boys – 'dagha' meaning mud. Their hoofprints are oversized and often have a squarish

appearance, unlike those of the younger bulls whose prints are more circular. In Kafue, these bulls are massive and generally short on temper.

This type of hunting is not everyone's cup of tea, but my client was experienced and wanted an opportunity to use his open-sighted .404 Jeffery up-close.



EXCITING HUNTING

In long grass your trophy is purely the buffalo and the sport. Horns are irrelevant. Age is deter-

mined before the chase and the shooting is offhand and quick. The target is often obscured, and good bullets are essential. A double rifle is handy for this sort of work, and during the next few days mine was often pointed with serious intent.

This terrain is a potential minefield of noises that could alert your quarry, thus steps are thoughtfully taken and carefully placed. Glossy piles of fresh dung give you an indication of the proximity and direction of the animal, but once you get close to your prey the bush becomes ominously quiet. It is almost as if nature holds her breath and is content to quietly observe the unfolding drama. My mental inclination is to dismiss the instinctive and persistent signals to flee, but I'm not sure what everyone else thinks when the tracker disappears from sight to be replaced by a dark and foreboding silhouette.

The sound of thunder at your feet is a black storm that you have chased; it is the sound of a buffalo at close quarters. (I might add here that I've had some clients who simply refused this pursuit and opted out, hoping for more favourable conditions. However, the client on this particular hunt had a solid con- »



A hunter contemplating the long grass and what might be hidden in there, on Andrew's concession in the Kafue region of Zambia.



A “*kakuli*” – a big and lone buffalo bull – in the long grass. Hunting these animals on their own terms can be both dangerous and exhilarating.

» stitution and he relished this style of hunting.) Under these conditions the buffalo does not smell you but rather senses you at a few paces. After such an encounter it takes a couple of minutes to compose yourself. Checking the guns are back on safe and with an unconvincing grin you wipe down your sweaty hands. Talk is whispered. When all are reasonably composed, the game starts again.

Running hooves pounded the dirt, spilling soil on either side of the track, so at first tracking is easy. But it is not long before the buffalo again seeks deep cover; he is forewarned now and will walk wide circles to pick up your scent. At this point the game is usually over. These dagha boys will look for new territories and will walk miles to find it. By then the sun is high and the wind fickle, and it is probably a good time to take a break. The hunting for these old boys is reserved for the gloom of early mornings, when they leave the cathedrals of long grass to graze.

ON THIS PARTICULAR HUNT

We were doggedly pursuing one

specific bull that would stray into the communal farming belt and kept to the confines of thickets and corridors of high grass. His territory was limited to a few square miles, and we would pick up his tracks early and hunt him until the wind or odds were out of our favour. It has been my experience that to persistently harass an animal often leads to a charge scenario and as my job is to keep my client safe, I would call off the hunt if I felt we had pushed the game too hard.

My tracker, blessed with a sixth sense, would warn me every now and again that the buffalo was becoming agitated. He claims he can smell it. It becomes dangerous to let your guard down in such situations. Common sense is often called upon, and there are many brave men who had been gored (or worse) by disregarding it.

We took a break and there was an outpouring of relief; a chance for us to mentally regroup. It was cold but we were sweating. We had previously agreed that when we bump the same buffalo a third time it would

be a good time to stop. It was a rule we always we adhered to.

We resumed the hunt the next morning. It had been icy the previous evening and there was a dusting of frost on the ground. The open vehicle made for an uncomfortable ride and the dripping wet grass even more so. I made a small fire and some coffee to warm us whilst Michael scoured the ground for tracks. He returned shortly and with much excitement said that he had actually seen the buffalo and it was massive. The animal was holed up in a small area of grassland adjacent to some thickets which we knew well.

I decided that this was an ideal opportunity to change our hunting method and that we would ambush this clever animal and use the wind to our advantage. I loathed to shed my jacket and gloves, but they can be a hindrance when shooting in tight conditions. We shivered and talked about the situation, and in the frozen twilight of the dank morning, we concocted what we thought was a cunning plan.

Our approach would now be a complete reverse of our previous day's hunting. We would use Michael's scent to force the buffalo to break cover, whilst we waited downwind, hiding in a gap that afforded us some degree

of visibility. The stage was set, and the show was about to begin.

The anticipation was incredible, and emotions ran high. We knew that at close quarters the buffalo would want to fight rather than flee. Michael set off upwind of the grassy bed. We hoped this buffalo, as before, would seek out the deepest cover and we placed ourselves squarely in his way. I thought at the time that it was like playing chicken on a train track... blindfolded.

The onset of the sound of thunder and the breaking of vegetation warned us that the showdown was imminent. The noise was all around us, and yet we could not see the beast coming. I was swinging my double, looking over the front-sight bead for a target that I could not see. I felt I had lost complete control of the situation and someone was going to get hurt. At that point in time, I was feeling very unprofessional and was worried about my client. Had I been too brazen? Typical of wild animals, they do not conform to rules or the ways of man, and this one did the unpredictable. The old bull, for whatever reason, opted for the more open country of scrubland and stands of stunted acacia. This was somewhat of a relief, and we regrouped to resume the chase



A herd of puku (*Kobus vardonii*), photographed at Royal Kafue, Andrew Baldry's concession area.

using more traditional methods.

Visibility was good but the wind wasn't, and Michael had to circle the immediate area for a sign. It was extremely pleasant to be in the open and to be entertaining what could be considered a normal tracking hunt. The bull had made a mistake, and perhaps this would be our opportunity. An oxpecker (tick bird) flew overhead and pointed us in the right direction. The chitter-chatter of these small birds would eventually lead us to the animal, and for the first time I felt that we had gained the advantage.

Again, the trembling adrenaline coursed through our bodies and the grip on our rifles became

firmer. We quietly stalked the twitter of birds, one tender step at a time. The old warrior had bedded down behind a fallen tree and, sensing us at close proximity, he lifted his great body and head from the debris. There was no clear shot until he turned and for what must have been half a moment, we locked eyes on each other. He looked down his nose at me in terrible anger.

My client sent a bullet through the buffalo's heart and the animal stumbled in death. His fight was over, and we watched him draw his last breath. Our silence gave this grim beast the respect that he deserved as he had awarded us with the best hunting and had been an admirable quarry. The


sun broke through the greyness of clouds and the birds resumed their dawn chorus. Africa had certainly been kind to us on that morning.

WHY DO WE DO IT?

Is this why we are attracted to the hunting of dangerous game? Is it to experience emotions that are not often encountered in ordinary life? We continue to risk our lives for the pursuit of our sport and are prepared to acknowledge defeat. This was fair chase and it was us who were at a disadvantaged. Anyone who has experienced a charge or wild animal at close quarters will know the eerie slowness of time and the immense concentration

it takes to be firm. One has to look through the animal into its anatomy to place the bullet into a vital area, whilst your body wants to flee. The hunting of buffalo is how and what you make of it and it is not for me to suggest rules or standards. To be in close proximity of these animals is a somewhat primeval experience, and I do it simply because I am able to do so.


In my short absence from my camp and in between safaris, a pride of lion had wounded two buffalo bulls who sought the murky recesses of a nearby swamp. Probably hiding up in some long grass. The sound of thunder will have to wait for another day. 🌍



THE CAPE BUFFALO

5 QUICK FACTS

- ▶ **Scientific name:** Syncerus caffer caffer
- ▶ **Shoulder height:** Bulls 152 to 165cm; Cows: 145 to 155cm
- ▶ **Weight:** 680 to 820kg (1 500 to 1800lb)
- ▶ **Age:** Can reach the age of 16 years
- ▶ **Suitable calibres:** We recommend any calibre from .375 H&H to .577 NE, provided you are able to shoot accurately with these calibres



LINKS: Die 9.3x62 is by uitstek geskik vir groot, taai diere soos hierdie blouwildebessies op kort tot medium afstande. Die swaar 286gr-koeël teen matige trompsnelheid penetreer goed en veroorsaak min vleisskade.

ONDER: Die Britte was deeglik bewus van die feit dat die 9.3x62 'n uitstekende kaliber is. Hierdie Tipe-A Mauser in 9.3x62 is deur die bekende geweermakers Holland & Holland toegerus met 'n gaatjieviseur en herverkoop aan 'n kliënt. (Foto: Pierre Pretorius).



MAUSER SE STAATMAKER – DIE 9.3X62

Nie net betroubaar nie, maar ook bekostigbaar en weereens gewild.

Die 9.3x62 Mauser het deur die jare baie diep spore in die jagveld getrap. In Europa is dié staatmaker reeds vir dekades lank 'n gunsteling vir wild soos wildevarke en takbokke. Baie van hierdie wild word tydens sogenaamde *driven hunts* gejag waar die jagter skuiling inneem en die diere verby die skuiling gedryf word. Kort, handige gewere in 9.3x62 is 'n populêre keuse vir menige Europese jagter wat op hierdie wyse jag, en die 9.3x62 se slaankrag kom hier handig te pas.

'n Paar jaar gelede het 'n kennis van my in Alaska gaan jag met die hoop om een van die reusagtige bruinbere, wat in daardie deel van die wêreld voorkom, te kon jag. As gevolg van uitgebreide papierwerk het hy besluit om nie een van sy eie



'n Uittreksel uit 'n katalogus van Stoeger, Mauser se agente in die VSA gedurende die 1930's, vir Tipe-A Mausers in 9.3x62. Uit die bewoording is dit duidelik dat die kaliber in daardie tye al bemark is vir Amerikaanse grootwild soos bere.

gewere saam te neem nie, maar eerder om 'n roer by sy jaggids te leen. Die geweer was 'n verslete ou Sako in 9.3x62, maar om 'n lang storie kort te maak, net een skoot was nodig om 'n groot bruinbeer se skedel en vel in die sout te kry.

Dit is egter in die jagvelde van Afrika waar die 9.3x62 die meeste roem verwerf het. Daar is bitter min van die ou jagboeke waarin nie melding gemaak word van die 9.3 nie, en die kaliber het diens gedoen in die hande van beroepsjagters, boere, en feitlik enigiemand wat 'n behoefte gehad het aan 'n groter geweer waarmee hy iets soos buffels en olifante ook kon aandurf.

DIE BEGIN VAN DIE 9.3X62

Die 9.3x62 is in 1905 deur die Berlynse geweer-smid Otto Bock ontwikkel. Na wat ek kon vasstel is die 9.3x62 feitlik onmiddellik deur Mauser as 'n standaardkaliber aangeneem, en Mauser het hulle standaardlengte nommer 11 kommersiële M98-aksie wat vir die 9.3x62 aangepas was, vir dié doel gebruik. Met 'n magaskapasiteit van vyf, plus nog 'n patroon in die kamer, kon Mauser se 9.3x62-gewere vinnige vuurkrag lewer as dit moet, en 'n 286gr-koeël teen 'n geadverteerde 2 360vps het genoeg penetrasie gehad om selfs groot diere vinnig en doeltreffend dood te skiet.

Die feit dat die 9.3x62 perfek gewerk het uit 'n standaardlengte M98-aksie, het tot gevolg gehad dat bykans elke geweer- vervaardiger in Duitsland 9.3x62's gemaak en verkoop het. Beide kommersiële, sowel as bekostigbare eks-militêre M98-aksies is ingespan, en ammunisie (wat in Duitsland en Brittanje vervaardig



Die 9.3x62 (links) se gewildheid het na die Tweede Wêreldoorlog begin afneem ten gunste van die .375 H&H (middel). Regs is 'n .25-06-patroon om skaal te verleen.

is) was bekostigbaar en volop. Die 9.3x62 het dus vinnig 'n vas-trapplek in die jagveld gekry en die kaliber het sinoniem met betroubaarheid en bekostigbaarheid geword.

Selfs die Britte, wat tradisioneel nie baie gewillig was om te erken dat goeie goed ook soms van oorkant die Engelse Kanaal af gekom het nie, het groot agting vir die 9.3x62 gehad. Hier en daar het sommige van die Engelse makers gewere in 9.3x62 vir kliënte gemaak, en ander het Mauser-gewere gekoop of laat bou, hulle eie naam opgegraver, en dan weer net so aan hulle kliënte verkoop. Soos reeds genoem, het Kynoch, die bekende Britse ammunisie- vervaardiger van ouds, 9.3x62-ammunisie vervaardig, en hierdie ammunisie is wydverspreid in Afrika verkoop.

AFRIKA-JAGTERS SE KEUSE

In ag genome die wildspesies wat in Afrika voorgekom het, het die 9.3x62 baie gebied. Omdat dit nie nodig was om skaars en duur Magnum Mauser-aksies vir die kaliber te gebruik nie, was 9.3x62-gewere bekostigbaar en volop, en John Taylor het in sy boeke opgemerk dat 9.3x62-ammunisie feitlik orals beskikbaar was. As 'n bonus was die 9.3 se terugskop redelik matig en dit kon dus in gewere wat relatief lig en hanteerbaar was, gehuisves word.

In die Afrika van ouds het baie mense tydens die koloniale era vanaf Brittanje en Duitsland na verskeie Afrika-lande soos Kenia, Rhodesië en Tanganyika geïmmigreer. Van hierdie mense het die geleentheid gebruik om goedkoop, gesubsidieerde eendoms soos landbougrond in die

verskeie kolonies te bekom, en dit was dus onafwendbaar dat hierdie boere met wilde diere soos olifante en buffels slaags sou raak. 'n Bekostigbare 9.3x62 was in baie gevalle die ideale keuse vir 'n boer wat nie net sy kosbare landerye, gewasse en vee wou beskerm nie, maar ook nie 'n duur Engelse dubbelloop-geweer kon bekostig nie.

Na die Tweede Wêreldoorlog was Europa se vuurwapenindustrie aan flarde, en die gevolg was dat die bou van jaggewere en die laai van ammunisie vir jagdoeleindes 'n baie lae prioriteit gehad het. Kalibers soos die 9.3x62 het as gevolg hiervan stadig populariteit begin verloor. Winchester se bekende en bekostigbare Model 70 in .375 H&H was gedurende hierdie tye beskikbaar en is teen 'n bekostigbare prys bemark. Die gevolg was dat die Winchester-geweer en veral die .375 H&H in die tye na die oorlog groot gedeeltes van die mark in Afrika, wat voorheen aan die 9.3x62 behoort het, verower het.

In die middel-90's het 'n vriend van my die kans gehad om die inhoud van 'n aantal kluis in Beira en Maputo wat aan die Mosambiekse polisie behoort het, te inspekteer. Hierdie kluis was gevul met vuurwapens wat van Mosambiekse burgers gekonfiskeer is na dié land se onafhanklikheidswording in 1975, en soos te verwagte, was die gewere in die kluis 'n interessante terugblik in tyd.

Benewens 'n klompie versamelbare Engelse gewere (onder meer een van die oorspronklike 24 500 Jefferys wat gebou is) en dosyne Model 70 Winchesters in .375 H&H, was amper die »



Johan van Wyk se Tipe-A Mauser in 9.3x62 wat in 1930 gemaak is. Die standaardlengte M98 Mauser-aksie kon met gemak vyf 9.3x62-patrone in die magasyn huisves, en dit het groot vuurkrag in 'n handige, bekostigbare pakket teweeggebring.

» helfte van die gewere in daardie twee kluisse 9.3x62's, en dit was duidelik dat dié kaliber baie populêr was by die Mosambiekse jagters van ouds.

Uit my kinderdae onthou ek dat 9.3x62-ammunisie en -komponente gedurende die laat 1970's en vroeg 1980's skaars en duur was. In die lig van die gewere wat in Mosambiek opgesluit was, is die rede vir die skaarsheid nou duidelik: Die mark het eenvoudig nie meer bestaan nie, en met honderde gewere wat eertyds in jagters se hande was, maar nou as't ware in die tronk was, was die vraag na 9.3x62-ammunisie dus aansienlik minder.

In die destydse Rhodesië waar ek gebore is, was die 9.3x62 'n populêre kaliber. My pa het 'n hele paar vriende gehad wat 9.3's besit het en gereeld grootwild soos buffels met hulle gejag het. Een spesifieke vriend, Gerrie Minnaar, het noord van Bulawayo naby Nyamandhlovu op Sedgewick Ranch met beeste geboer en sy "grootgeskut" was 'n goed gebruikte oopvisier F.N.

Deluxe 9.3x62 wat in die 1960's nuut by Groeneveld & Hicks in Pretoria gekoop is.

Met gewone rak-ammunisie het Gerrie se F.N. deur die jare vir tientalle leeu's, luiperds en buffels (almal afkomstig uit die nabygeleë Wankie Nasionale Park – deesdae die Hwange

National Park) diens gedoen. Gerrie se geliefkoosde ammunisie was 286gr Norma-sagte-neuse, en hy het my op 'n dag vertel hoe hy moeite gedoen het om die buffels net agter die blad te skiet en sodoende die groot bladbene te vermy. Daar is oor die jare baie soortgelyke 9.3x62-

stories opgeteken, en dis duidelik dat die kaliber sy werk deur die geskiedenis gedoen het sonder trompetgeskal of *fanfare*.

TE GOED OM DOOD TE GAAN

Net soos onkruid het die 9.3x62, desnieteenstaande slegte tye, aan die lewe gebly. Ammunisiever-



Die 286gr-koeël was nog altyd die 9.3x62 se brood-en-botter lading. Hier (VLNR) is 'n Woodleigh-volmantel, Woodleigh Protected Point-sagte-neus, Hornady InterLock, en laastens, 'n Highland-koeël. Beide Woodleigh-koeëls is premium-kwaliteitskoeëls wat ontwerp is vir optimale werkverrigting.

vaardigers soos RWS en Norma het aangehou om 9.3x62-ammunisie te laai en wapenvervaardigers soos Sauer, Steyr en Sako het steeds 9.3x62's gemaak. Daar was steeds ook etlike gewere in omloop deur vervaardigers soos FN, Sako, Husqvarna, Mannlicher, Mauser, en Brno, en so het die 9.3x62 se vlam bly brand, al het dit by tye baie gevaarlik laag geflikker.

Teen die 1990's was nuwe-generasie-premiumkoeëls beskikbaar vir die 9.3 en dít, tesame met ammunisie en gewere wat weer vryelik beskikbaar was, het die 9.3x62 se gewildheid 'n groot hupstoot gegee.

Vandag is daar bykans geen Europese geweervervaardiger wat nie 'n geweer vir die 9.3x62 vervaardig nie. Die kaliber het selfs in die VSA 'n redelike mate van gewildheid onder jagers wat sy doeltreffendheid op wild soos *moose* (Amerikaanse eland), *elk* en die groot bere

waardeer. Ook in Suid-Afrika is die 9.3x62 vandag net so gewild as ooit. Ammunisie en komponente is vryelik beskikbaar en as 'n bosveldkaliber het die 9.3x62 baie min gelyke.

VERSCHEIDENHEID AMMUNISIE

Die 9.3x62 se brood-en-botter lading deur die jare was 'n

dinamiese koeëls en sodoende dié kaliber se bene heelwat rek vir vlaktewild. Goeie voorbeelde van sulke nuwerwetse 9.3-koeëls is Nosler se 250gr AccuBond- en Partition-koeëls, Barnes se 250gr TSX en Hornady se 250gr GMX-koeël. Plaaslik vervaardig onder meer Peregrine en Kriek ook ligter en

Die 9.3x62 is vandag weereens 'n baie gewilde kaliber, veral by diegene wat gereeld in die Bosveld jag.

286gr-koeël teen 'n geadverteerde 2 360vps of so. Hierdie lading was effektief op groot, taai diere, en met volmantelkoeëls was dit voldoende, selfs vir olifante as die skootplasing in die kol was. Die herlaaier kan die 9.3x62 egter met groot sukses laai met ligter, meer aëro-

meer vaartbelynde 9.3-kaliber koeëls wat vir dieselfde doel aangewend kan word.

Daar is 'n klompie vervaardigers wat swaarder (300-, 320- en 325gr) 9.3-koeëls vervaardig. Hierdie koeëls kom myns insiens slegs tot hul reg in kalibers soos die 9.3x64 Brenneke en

.360 No. 2 NE. Die 9.3x62 het eenvoudig net nie die dopkapasiteit om dié swaarder koeëls vinnig genoeg en teen veilige drukvlakke te lanseer om optimale koeëlprestasie te verseker nie, so volgens my is 286gr-koeëls die swaarste koeëls wat in die 9.3x62 gebruik behoort te word.

Wat fabrieksammunisie aanbetref, vervaardig Norma, Nosler, Federal, RWS, PMP, Sellier & Bellot, Barnes, Swift, Sako, Hornady, en nog 'n klompie ander vervaardigers 9.3x62-ammunisie. Hierdie wye reeks ammunisie word gelaai met 'n groot verskeidenheid koeëls om aan bykans elke aanwending se vereiste te voldoen.

HERLAAI DIE 9.3X62

My eie 9.3x62 is 'n Tipe-A Oberndorf Mauser wat in ongeveer 1930 gemaak is. Aangesien die geweer 'n versamelaarsitem is, is daar geen sprake van 'n teleskoop op die geweer monteer »



Ons voorbladgeweer: Prof. Brian Reilly se pasmaak-9.3x62 Mauser. Dié geweer is deur Steve Fourie gebou op 'n kommersiële M98-aksie en is toegerus met 'n Leupold 1.5-5x-teleskoop. Die kolf is van Amerikaanse Claro-okkerneut.

SAVUTI

Wapens & Ammunisie

Tel: 011 915 0138 / Tel: 011 915 0145

Carnival Centre, East Rand

Cnr Rangeview and Lawrence Rd, Brakpan

GPS: S26°15,061 E028°18,815

info@savutiarms.co.za www.savutiarms.co.za

Savuti Arms is on Facebook.



BESTELLINGS EN AFLEWERINGS LANDWYD - T's & C's
POSTNET, RAM & COURIER GUY Apply

DIE PUNTEWINKEL

Hierdie winkel is vir die herlaaier.

BERGER
BULLETS

Nosler
Bullets for Sportsmen

WINCHESTER

norma

DEDICATED SINCE 1902

SIERRA
The Bulletsmiths

H

Hornady
Accurate. Deadly. Dependable.

Swift
BULLET COMPANY

Peregrine
BULLETS

BARNES
OPTIMIZED FOR YOUR TARGET™

LAPUA

SIGHTRON



NIGHTFORCE



BURRIS



Nikko Stirling
OPTICS FOR SPORT, SINCE 1988

LYNX

HAWKE

VORTEX
OPTICS

SWAROVSKI
OPTIK

norma

DEDICATED SINCE 1902

REDDING
RELOADING EQUIPMENT

LEE RCBS
LEE PRECISION, INC.

BOYDS
HARDWOOD GUNSTOCKS

IAI-ONE
THE ADJUSTABLE GUNSTOCK

THE BULLET SHOP

This shop is for the reloader.



GUNSMITH ON SITE

Savuti
Import

Special imports
available on request.

For Stock availability and pricing contact Tyron@savutiarms.co.za

Visit our page <https://www.savutiarms.co.za/>

or Like us on Facebook www.facebook.com/savutiimports

KALIBERS | (vervolg)

» nie en ek gebruik die ou Mauser net soos hy uit die fabriek gekom het, met sy wye V-express-korrel en -visier. Aangesien daar geen sin daarin is om 'n oopvisier-geweer te laai met vlakke-ammunisie nie, hou ek maar by 286gr-koeëls in die geweer en hy skiet ook in die kol met hulle op 100m.

Ek het egter 'n tyd terug 'n paar fabriekspatrone uit my Mauser oor my chronograaf geskiet om trompsnelheid te bepaal, en in die proses het ek 'n paar interessante dinge geleer. RWS 258gr H-Mantel-ammunisie het 'n gemiddelde trompsnelheid van 2 466vps opgelewer, en dis een lading wat goeie resultate op effe langer afstande sal oplewer. Een van RWS se ander aanbiedinge in 9.3x62 het egter ietwat meer verrassende resultate opgelewer, en dis die 293gr TUG (Torpedo Universal Geschoss)-lading.

Ek het net vier van hierdie patrone gehad en het die eerste een vir 'n vriend gegee om te skiet. Toe die skoot klap, het hy met groot oë die geweer laat sak en vir my gesê dat die geweer moes gebreek het, want dit het vreeslik hard geskop! By nadere ondersoek het dit geblyk dat die geweer niks makeer nie, en ek het ook een van die patrone geskiet. Die terugskop was inderdaad onsmaklik, en dit was die hardste wat ek nog ooit deur enige 9.3x62 geskop is. Die chronograaf het gewys dat die 293gr-koeël teen 'n stewige 2 410vps uit die loop uit is, en ek kan getuig dat dit 'n handvol is uit 'n agtpond-Mauser! 'n Norma 286gr-fabriekslading het, vir die rekord, 'n trompsnelheid van 2 341vps opgelewer.

Na eksperimentering het ek op 'n kombinasie van Norma-doppe, CCI 200-slagdoppe en Norma 203B-dryfmiddel vir my 9.3x62 besluit. Hierdie dryfmiddel het die dop agter 'n 286gr Woodleigh Protected Point- of Sellier & Bellot-koeël mooi gevul, en trompsnelheid met my

gekoose lading was gemiddeld 2 350vps, met geen tekens van oormatige druk nie. Die wande van doppe deur ander vervaardigers is egter nie so dun soos dié van Norma-doppe nie, so die gebruikelike veiligheidsmaatreëls geld dus steeds as daar ladingontwikkeling gedoen word. Ander dryfmiddels wat ook goed in die 9.3x62 werk, veral met swaarder koeëls, is H4350, S355, S365, H4895, Varget en Norma URP.

In 'n noodgeval kan doppe vir die 9.3x62 gevorm word van .30-06 doppe, maar benewens die feit dat dit 'n tydwende proses is, verskil die 9.3x62-dop se basisdiameter (.470") van dié van die .30-06-dop (.473").

9.3x62-doppe is egter volop en relatief bekostigbaar, so dit is makliker om net van die begin af 'n goeie voorraad doppe aan te koop en te gebruik. Ek gebruik ook 'n Lee Factory Crimp-matrys om die nekke van gelaaide patrone stewig te krimp ten einde te voorkom dat die koeëls in die doppe ingeforseer word in die magasyn tydens terugskop. Hierdie is een van Lee se beter produkte, in my beskeie opinie, en is elke sent werd.

VOLWAARDIG TERUG AAN TAFEL

Die 9.3x62 is vandag weereens 'n baie gewilde kaliber, veral by diegene wat gereeld in die Bosveld jag. Die swaar 286gr-koeël teen matige trompsnelheid penetreer goed en veroorsaak min vleisskade, beide groot pluspunte.

Net soos wat die geval was in die ou dae, is die 9.3x62 weereens sinoniem met betroubaarheid. Finn Aagaard, die Keniaanse professionele jagter wat later in sy lewe 'n suksesvolle geweskrywer in die VSA geword het, het oor die 9.3x62 as volg opgemerk: "The cartridge always worked. I never saw nor heard of a failure that could be blamed on it. Reliability was its middle name."

Ek kan dit nie beter stel nie! 🇿🇦

UNION VAULT

SAFETY DEPOSIT BOXES

Jewellery~Diamonds~Firearms
Kruger Coins

Store your valuables with us



www.unionvault.co.za

012 007 0807

email: info@unionvault.co.za

BBRW

GROOTHANDELAARS VAN SLAGHUIS-, BAKKERY-,
VERKOELINGS- EN SPYSENIERSTOERUSTING

JOHANNESBURG

Park-rylaan 24, Mayfair, Johannesburg

Tel: 011 833 5957 / 011 834 9373 / 082 417 6257

083 269 2558

E-pos: sales@bbrw.co.za * Webwerf: www.bbrw.co.za

Nuwe 1 000 m² vertoonkamer / Nuwe bestuur / Tegnici op die terrein

KOEL/VRIESKAMERS KOELKAMERS (Chromadeck) 1.8m x 1.8m x 2.4m Net boks R11 300 Toerusting R15 000 2.4m x 2.4m x 2.4m Net boks R13 995 Toerusting R16 300 3m x 3m x 2.4m Net boks R17 000 Toerusting R18 100 Met waaijer en motor. ELEKTRIESE VLEISMEUL (Italiëns) REBER MET VLEKVRYE STAAL-RATTE VAKUUMMASJIE met gratis biltongkerwer DZ300 R8 995.00 DZ400 R10 500.00	BANDSAAG Swaardienstipe 380V Gratis biltongdroër R14 995.00 VRIESKAMERS 1.8m x 1.8m x 2.4m Net boks R11 995 Toerusting R18 500 2.4m x 2.4m x 2.4m Net boks R15 995 Toerusting R23 000 3m x 3m x 2.4m Net boks R19 500 Toerusting R23 000 TREGTERS VERSKEIE TREGTERS IN VLEKVRYE STAAL EN PLASTIEK VLEISMEUL SIWWE EN LEMME 12 R3 995.00 22 R4 895.00 32 R6 195.00 BILTONGKERWER 0.75KW R3 895.00	VLEISMEUL 42-380V R16 995.00 52-380V R28 995.00 BILTONGKABINET + BEROKER 2-in-1 R3 995.00 WORSSTOPPERS ING 4 VLEKVRYE STAAL TREGTERS IN VLEKVRYE STAAL 3 lt R1 395.00 5 lt R1 695.00 7 lt R2 995.00 10 lt R3 495.00 15 lt R4 995.00 REGOP YSKAS SCW688 Enkeldeur R5 995.00 Dubbeldeur R7 395.00 DUBBELWASBAK R3 495.00 TOEDRAAIMASJIE R995.00	SKAAL 80l 400 x 430 x 900mm R3 395.00 245l 580 x 460 x 1 080mm R4 995.00 1 250l 1 000 x 740 x 2 015mm R14 995.00 VLEISKOEKIEMAKER 100mm R499.00 130mm R599.00 KISVRIESKAS 225 lt R2 495.00 310 lt R2 970.00 460 lt R3 850.00 530 lt R4 510.00 590 lt R5 510.00 VLEISVERSAGTER R10 995.00 KARKASSKAAL R9 995.00 Staander nie ingesluit KOELKAMER OP SLEEPAW MET PAPIERE R31 995.00 Slegs padgebruik 1 500mm x 2 200mm x 1 700mm	HANDTIPE BILTONGKERWER R899.00 HANDTIPE VLEISMEUL NO. 22 R899.00 NO. 32 R1 200.00 170L KOOKTOESTEL R21 995.00 KOUDEVLEISSNYER 220mm R4 295.00 250mm R4 995.00 300mm R7 995.00 BEROKER, 170L R21 995.00 SAKKE 300 X 400mm R120.00 250 X 300mm R 80.00 150 X 250mm R 50.00 VERTOONYSKAS 1.375m - 300 lt R4 995.00 1.5m - 510 lt R6 295.00 1.625m - 600 lt R9 500.00 2.2m - 700 lt R12 500.00 RYGBRAAI & OONDROOSTER R4 595.00
--	--	--	--	--

Ons het alle tipes slaghuistoerusting in voorraad.



THE BLACK DOG OF FINCA VIGIA

Treated right, a spaniel will give you total devotion... as Hemingway found out.



Mary and Ernest Hemingway with Black Dog at Finca Vigia in 1949.

“**T**hat shop is closed,” a helpful passerby shouted from across the street. I peered through the windows of the locked-up double doors. “There is nobody inside, they have all gone home.” It was two o’clock in the afternoon of the twenty seventh, two days after Christmas. I guess there was no reason for a shop to stay open past

midday in the small village of Barrydale. It was quite understandable; one has got to guard against burnout at this time of the year. But I desperately wanted one of the books on the open shelf on the veranda. There were no instructions and no honesty box either. And my Dutch Reformed background (as my old pal Dries would have said) did not allow me to nonchalantly “lift” the book from the veranda.

Getting hold of Hemingways is difficult. They are like hen’s teeth. Hemingway’s Book Shop in Hermanus has a shelf full of them, but at Hermanus prices. I wanted pensioner’s prices. And here was this pensioner-priced Hemingway now on the veranda... begging to be taken.

Folks just walked up and down the street and nobody gave the bookshelf so much as a second glance. We are seeing

more and more of this phenomenon; piles of books with signs saying, “just help yourself”. In Riebeeck Kasteel we once picked up a compilation of Herman Charles Bosman short stories, *The Bosman I Like*, on a table, just like that. Fantastic, a real gem, and it was for free. And just recently at Groot Brak there were two huge tables heaped with books, *mahala*... for free! Was this lot also for free?


Here on the veranda of The Hub in Barrydale's main street was a book I just had to have. *Papa Hemingway* was begging me with spaniel eyes – impossible to resist. A. E. Hotchner's personal memoir covers the last 13 years of Hemingway's life. It was in a rather poor condition, but still, it was a first edition. I was in the middle of research for my article *Guns Most Murderous* (SA JAGTER/HUNTER, June 2020) on the dispute about which gun killed Hemingway, and this was indispensable reading, just what I needed. I did the only thing I could. It felt as if the whole of Barrydale came to a standstill to stare at me as I walked off the veranda with the book tucked under my arm.

GETTING IMMERSED IN THE STORY

At home I immersed myself into probably the most interesting book that I have read in many years: *"We settled down in the living room, Ernest sitting in Papa's chair, a big overstuffed lopsided easy chair with a faded well-worn slipcover; Black Dog curled up at his feet. Black Dog, who was mostly a Springer Spaniel, had wondered into Ernest's Sun Valley ski cabin one afternoon, cold, starved, fear ridden and sub dog in complex – a hunting dog who was scared stiff of gunfire."*

Sun Valley is a famous sports resort in the mountains of Idaho, in the far western United States. It started as a ski resort in 1936, but soon developed into a world-class fishing and shooting destination for the rich and famous. Their publicity gurus regularly invited celebrated personalities to stay there and spread the word. Ernest Hemingway was one of them.

In those days, Hemingway had a house in Ketchum, a small hamlet located in the foothills of the Sawtooth Mountains, a mile from Sun Valley Resort. He lived here intermittently after he, rather abruptly, left Finca Vigia in Cuba on the 25th of July 1960. Increasing



The dog graveyard of the Finca Vigia Museum in Cuba. Hemingway's famous boat "Pilar" is in the background.

political tensions between the Kennedy administration and Cuba had made it uncomfortable for him to stay in that country. However, he was not yet prepared to give it up and sell his property. Some sources claim that the then-US ambassador to Cuba, Philip Wilson Bonsal actually asked (forced?) him to leave the island. Perhaps he was too openly supportive of the Cuban cause. After his death, his wife, Mary Hemingway, donated Finca Vigia to the people of Cuba. Today it is a museum.

Finca Vigia means "Outlook Farm" and was their home in San Francisco de Paula, 20km outside Havana and in easy reach of his favourite fishing boat "Pilar." *The Old Man and the Sea*, amongst other novels, was written here.

"Ernest had brought him (Black Dog) back to Cuba and patiently and lovingly built up his weight, confidence and affection to the point, Ernest said, that Black Dog believed he was an accomplished author himself. 'He needs ten hours' sleep but is always exhausted

because he faithfully follows my schedule. When I am between books, he is happy, but when I am working, he takes it very hard. Although he's a boy that loves his sleep, he thinks he has to get up and stick with me from first light on. He keeps his eyes open loyally. But he doesn't like it."

A HUGE MISTAKE

Many years ago, I went on a shoot to Tuinplaas on the Springbok Flats and stood in a line waiting for driven Swainsons to come over the bush. Some of the fellows in the party came from the Cape and had never seen or shot Swainsons. The idea was to get them under the birds and give them every chance to shoot something new. I've shot many Swainsons over both Patrys and Polka and I should perhaps have been with the beaters, not even carrying a gun, let alone standing in line with the shooters. Shots went off at regular intervals and I saw birds dropping to my left and to my right. A few birds flitted past, they were tempting but just out of range on the other side of the

strip of bush. Then I saw one flying through the trees, straight and low. I took a snapshot at it on the assumption that if you can see it, you can shoot it. I killed it outright and congratulated myself on an excellent shot. Taking such a shot again under similar circumstances, would most probably result in a miss. Which tells you that I should have never taken it, and I have regretted it ever since that day. Hindsight they say, is the most exact science.

As I got closer to retrieve my bird it got steadily whiter until I realised that I had made a huge error, it was not a Swainson's francolin at all, but a white-faced owl. I am an avid birder and had only seen these beautiful little owls once or twice before. My shock and embarrassment were complete.

Without even taking a detailed look at the beautiful little bird (I just remember it was all feathers and almost no body – the way of all owls) I searched for a hole to bury it in. It had to be deep enough to hide it, since the dogs were still going back and forth over the scene of »

» my crime. How embarrassing it would be, if a GSP jumped on the back of the bakkie with an owl in its mouth!


I only managed to relax once we were all finally on the bakkies ready to leave and my owl was still safely buried between the *huilbome* and *swart apiesdoring*s of the Springbok Flats. I kept looking back and in my mind I thought everybody could see the nervous and embarrassing crimson blush on my face. It mattered little to me when I checked my *Roberts Bird Guide* at home and found that this little owl is regarded as fairly common in places.

It took me a while to get over this one and almost a year before I could admit my blunder to my mates. It was also barely a consolation when I read that Hemingway had made a similar mistake “collecting” an owl. Whilst in Spain covering the Spanish Civil War, Petra, the Spanish housekeeper at the hotel where he was staying, cooked the game Hemingway shot in the hills during lulls in the fighting. One day his bag consisted of a partridge, four rabbits and an owl he mistook for a woodcock. Well, at least Hemingway ate his owl. I wish I could ask him how it tasted.

And now here in this book I discovered that Hemingway had a Springer Spaniel too. It made me like the man even more! To me it speaks volumes of his character. To nurse a spaniel back to health as he did, takes a tender and loving hand, because abused spaniels can become exceptionally nervous. They are sensitive dogs that don't handle ill-treatment well.

The way Black Dog responded to Hemingway's kindness is classic spaniel behaviour. They will give a kind master their total devotion. They watch you and follow you everywhere... and I mean literally everywhere. My first one would not even allow me a bit of recuperative solitude in the toilet, I had to lock him out.

Ernest Hemingway with Black Dog.



THE GUN-SHY DOG

But being gun-shy would sadly have ruled Black Dog out as an active gundog. Few things can be more disheartening in the field than a gun-shy gundog, the heel-hugger too afraid to venture out in front of the gun, the one that tucks its tail between the legs and heads back home when the first shots are fired. For any dog to tolerate (let alone enjoy) the earth-shattering 155-decibel blast of a shotgun, it must have happy associations connected to the blast. The early day bonding between the owner and his puppy should be perfect. Any failure in this department, any distrust in the relationship and having failed to establish those vital links of pleasure between hunter, dog, shotgun and blast would make the essential introduction to shot very difficult indeed.

Dogs do not take kindly to unexpected explosions around their heads. Sound pressure levels above 85 decibels are considered harmful and above 95 are unsafe when exposed to for protracted periods of time. A

120 decibel sound can cause immediate perforation of the eardrum or tympanic membrane. Windows break at 163 decibels. Dogs with their supersonic hearing must therefore be introduced extremely gently to a shotgun's blast of 155 decibels.

One can only speculate what had happened to Black Dog. Perhaps his owner was one of those wealthy buggers that do not have the time to properly train and work their dogs. They hardly give them a glance throughout the off season and expect them to be on top performance when they pay big money on the super-duper sporting estates. Perhaps he never even checked if Black Dog was afraid of guns, doing the Killer Kowalski thing of firing a 12-bore shotgun directly over his head the first day on Sun Valley. After which he took off over the hills and could not be found again. It's happened before, and it will happen again.

Books say that you can try several things to counter possible gun-shyness. The moment you observe any form of anxiety,

stop the lessons. Try another day, take a break from training. Never force things. Fortunately, genetic lines with gun-shyness are rare these days, and it's generally not a problem. That's the good news. The sad news is that once a dog is proven gun-shy or has become gun-shy through mismanagement, there is really not much hope of fixing it. Sure, like most things in life it's curable, but the odds are really against you. Better to prevent it.

With a gun-shy dog your options are limited. The Hemingway route is probably all that's left for you. Lovingly convert its fear-ridden and sub-dog complex to one of confidence and affection. Make it a house pet. You will have a loving and devoted friend for life. Maybe he could even be of some value around the house. Black Dog did help Hemingway win the Pulitzer Prize by helping him write the *Old Man and the Sea*, didn't he?

“Before Castro came to power a bunch of Batista's soldiers came looking for guns... they barrelled in there in the middle of the night and poor old Black Dog, old and half blind, tried to stand guard at the door of Finca, but a soldier clubbed him to death with the butt of his rifle. Poor old Black Dog. I miss him. In the early mornings when I work, he's not here on the kudu skin beside the typewriter; and in the afternoon when I swim, he's not hunting lizards beside the pool; and in the evenings when I sit in my chair to read, his chin isn't resting on my foot. I miss Black Dog as much as I miss any friend I ever lost.”

Ai Papa, I miss old Polka too.

That Monday morning I phoned The Hub. “Are you missing a book from your *stoep*?” I asked. “It's possible,” the manager said, “but don't worry, next time you are in town just replace it with something else!”

I could hardly believe my ears – wonders still exist, benevolence and goodwill and trust! I felt a warmth for my country that I haven't felt for years. ☸

HET JY GEWEET?

Voëls wat so groot soos 'n Europese ooievaar is, is ook al aangeteken as prooi van die breëkoparend. In ander gebiede is dié voël se dieet hoofsaaklik soogdiere, veral dassies en klein bokkies. Rooiboklammers, 'n paar ape, soms ook jong boerbokkies en lammers is al deur dié arende gevang. Karnivore soos muishonde word soms gevang, sowel as tierboskatte en jakkalse, asook 'n paar slange en groot akkedisse.

BRON: <http://southafrica.co.za/af/martialeagle.html>


DIEREMANIERE



BREËKOPAREND MET SY GEWIGTIGE VANGS

Hierdie breëkoparend (*Polemaetus bellicosus*), in die proses van vertering, is onlangs naby die Laer Sabie-ruskamp in die Kruger Nasionale Park gesien. Sy vangs is 'n volwasse kliplikkewaan (*Varanus albigularis*).

Breëkoparende is bekend daarvoor dat hulle hul prooi verras deur skuiling te soek in digte bome en dan vinnig en ongesiens toeslaan. Hierdie betrokke arend is gefotografeer in 'n boom op die banke van die Sabierivier, en het waarskynlik die likkewaan verras naby 'n poel water in die rivier.



Kliplikkewaan (*Varanus albigularis*).

KWESSKOOT – WAT NOU?

As jy 'n bok kwes...

Hoër grond gee die jagter die voordeel van 'n beter uitsig oor die terrein. Dit is in baie gevalle die voorsprong wat hy nodig het om 'n kwesbok raak te sien en van sy lyding te verlos.

Geen jagter wil 'n bok kwes nie, maar indien jy gereeld jag, gaan dit heel moontlik een of ander tyd met jou gebeur.

Ek het redelik vroeg in my jagloopbaan geleer dat dinge verkeerd kan loop, al is jy hóé versigtig. Bring genoeg tyd in die jagveld deur en vroeër of later loop jy op 'n bloedspoor. Dit is belangrik om dit te probeer vermy, maar dit is ewe belangrik om te weet wat om te doen wanneer dit wel gebeur. Nie net maak ons almal foute nie, maar daar gebeur soms dinge wat buite die jagter se beheer is. 'n Bok beweeg nét voordat die skoot loop, daar is 'n takkie in die pad van die koeël, die skietstokke gly van 'n klip af, jou gids verloor sy balans en stamp


aan jou, of 'n onverwagte vlag wind ruk die koeël van koers af. En soms skiet jy sommer net 'n swak skoot.

Ek is bevoorreg om baie te jag, alleen en ook met kliënte. Uit die aard van my werk sien ek meer kwesskote as die deursnee-jagter. Soms dink ek ook dat ek al elke moontlike fout gemaak het wat tot die kwes van 'n dier kon lei, maar elke nou en dan slaag ek steeds daarin om myself te verbaas.

VOOR DIE JAG

Wees goed voorbereid. Word vertrouwd met jou toerusting voordat jy gaan jag. Leer om onmiddellik te herlaai na elke skoot. Oefen om op die teiken te bly nadat die skoot geklap het. Wees versigtig om nie jou tele-

Goeie, stabiele skietstokke en gereelde oefening is onontbeerlik vir sukses in die jagveld. Die jagter moet leer om nie net raak te skiet nie, maar ook vinnig te herlaai na die eerste skoot.





Wanneer die dier wat jy geskiet het deel is van 'n trop, is dit belangrik om die trop te volg en die diere te tel ten einde seker te maak dat die gekwete dier nog saam met die res is. Gekwete diere verlaat dikwels die trop en gaan soek skuiling op hulle eie.

skoop op 'n te hoë vergroting te stel nie – 'n nou gesigsveld gaan jou lewe moeilik maak indien jy vinnig op 'n bewegende dier, of een in digte bos, wil aanlê.

Vermý skietstokke wat jou nie toelaat om 'n bewegende teiken te volg nie, of skietstokke wat omval of toeslaan wanneer jy jou geweer optel. Oefen om jou skietstokke of tweepoot vinnig oop te vou, ook in moeilike terrein, en oefen om uit die vuis te skiet. Die vermoë om vinnig sonder 'n rus te kan skiet, is soms die verskil tussen 'n suksesvolle opvolg en 'n uitgerekte, uitmergelende gesukkel.

Maak seker die geweer en ammunisie waarmee jy die jag aanpak, is voldoende om die jag suksesvol mee af te handel, ook onder nie-ideale omstandighede. 'n Kaliber/koeëlkombinasie wat die vermoë het om 'n blouwildebeesbul plat te trek wat plankdwars staan, mag dalk nie die bul wat teen 'n hoek, of selfs reg weg van jou staan, 'n doodskoot te gee nie. Wanneer jy 'n gekwete dier opvolg, gaan jy moontlik nie die kans hê om te wag vir die perfekte skoot uit die perfekte hoek nie.

Leer soveel as moontlik omtrent jou prooi se gedrag en gewoontes en ken die verskil tussen manlike en vroulike diere.

Neem altyd genoeg ammuni-

sie saam veld toe, dit is nie ongewoon om jou geweer leeg te skiet wanneer 'n gekwete dier gevolg word nie.

VOOR DIE SKOOT KLAP

Memoriseer die plek waar jou prooi staan voordat jy skiet. Gebruik plantegroei (soos bome of

bosse) of terreinkenmerke, en in grasveldgebied help dit baie indien jy die afstand na jou prooi met 'n afstandmeter meet en die posisie vanwaar jy skiet met 'n GPS (globale posisioneringstelsel) merk.

Let op na, en memoriseer enige ooglopende kenmerke aan



Hierdie blouwildebees het in oop terrein 'n duidelike bloedspoor gelos. In grasvlaktes of ruigtes, kan 'n bloedspoor soms baie moeilik wees om te volg.

die prooidier wat dit makliker maak om hom later weer uit te ken. Kyk byvoorbeeld na die lengte en vorm van die horings, asook enige littekens soos 'n geskeurde oor of 'n korter stert.

Probeer om die diere te tel wat in 'n trop saambeweeg. Vind jy later die trop en daar is een minder, weet jy ten minste jôú bok is nie by die trop nie. Indien jy die geleentheid het, kyk die trop deur vir enige diere wat krupel is of wonde het. Dit kan verhoed dat jy later 'n bok teiken wat mank loop omdat hy 'n bos-luis tussen sy kloutjies het, of 'n bloedkol op sy boud het, terwyl die kwesbok 'n ander rigting ingeslaan het.

Laaste, maar nie die minste nie, moenie kanse waag nie. Indien jy onseker is van die skoot, moenie skiet nie. Probeer is in dié geval nie die beste geweer nie. Skiet hart- of longskote, los die kopskote vir oesspanne. Nekskote, veral op groter diere, is 'n resep vir 'n kwesskoot.

WANNEER DIE SKOOT KLAP

Onmiddellike aksie is nodig – herlaai en bly op die prooidier fokus. Nou is nié die tyd om jou skoot te bewonder of *high fives* uit te deel nie.

Wanneer die dier in sy spore neerslaan, hou die bok in jou visier en wees reg om vinnig »

» te skiet. 'n Dier wat as gevolg van 'n bladskoot of 'n nekskoot val, is moontlik net geskok deur 'n skoot naby aan die rugstring. 'n Kopskoot wat nie die brein tref nie, laat val ook gereeld 'n dier. Indien die dier opstaan, of tekens toon dat hy gaan opstaan, skiet onmiddellik weer. Moenie wag tot jy die perfekte skoot het nie. Goed genoeg is in hierdie geval goed genoeg. Vleisskade en jou reputasie as 'n "one-shot wonder" is nou irrelevant.

Tensy die bok totaal uit jou gesigveld verdwyn deur byvoorbeeld in 'n sloot te val, moenie nader beweeg voordat jy nie seker is hy is dood is nie. Indien jy 'n gids of vriend by jou het, stuur hom om die dier uit 'n veilige rigting te benader terwyl jy die dier dophou.

As die dier bly staan, volg die stappe hierbo genoem. Tensy jy duidelik kan sien dat jou skoot wel dodelik was (die bok bloei by sy bek of neus uit, of jy sien die wond op die regte plek), skiet weer. 'n Bok wat te ver na agter op sy lyf geskiet is, trek gewoonlik sy rug krom, hoewel daar uitsonderings is. Dit gebeur ook dat 'n dier wat misgeskiet is of 'n dodelike wond het, doodstil bly staan.

Indien die bok hardloop en jy is seker dit was 'n raakskoot of 'n doodskoot, skiet weer as jy die geleentheid het en as dit veilig is. Moenie weer skiet as jou oorspronklike skoot mis was nie. Hou die dier dop so lank as wat jy kan, al glo jy die skoot was mis. Probeer sien of hy getref is, en waar. Memoriseer die plek waar jy die hom die laaste keer gesien het.

OPVOLG NA DIE SKOOT

Die tyd vir vinnige optrede is nou verby. Indien jou prooi dood is, is die ergste verby, andersins is dit noodsaaklik om 'n logiese, weldeurdragte proses te volg. En bly kalm.

Merk die plek van waar jy geskiet het. As jy die dier nog kan sien, soos wat soms in oop vlaktes gebeur, probeer naby genoeg aan hom kom om te

skiet. Indien nie, beweeg na die laaste plek waar jy hom gesien het. Soek na bloed, hare, stukies vleis of enige ander tekens van die kwesdier. Hierdie tekens kan op die grond wees maar dit kan ook teen die gras of plantegroei wees. Kyk uit vir spore, maar as die dier deel van 'n trop was, moenie blindelings die eerste spoor wat jy sien begin volg nie. Vind jy niks, beweeg na die plek waar die bok gestaan het toe jy hom geskiet het, en herhaal die proses. Kry jy bloed, of enige ander tekens dat hy getref is, merk die plek. 'n Kombinasie van toiletpapier en 'n GPS en, in 'n noodgeval, 'n kledingstuk of 'n houpie klippe, sal werk.

Nou is 'n goeie tyd om, indien moontlik, hulp in te roep. 'n Goeie spoorsnyer of 'n opgeleide bloedhond is hul gewig in goud werd. Wees versigtig om tydens die volg van die bloedspoor nie op bloed of die spore te trap nie. Indien jy die enigste een met 'n geweer is en saam met 'n gids jag, bly by die gids. Dit is sinneloos om blindelings jou eie rigting in te slaan. Probeer eerder help om spoor te sny. As daar twee jagters met gewere is, maak dit sin dat een na hoër grond beweeg, sou dit moontlik wees, om van daar te kyk of hy die dier kan sien. Verloor julle die spoor, merk die laaste plek waar bloed gekry is voordat verder gesoek word.

Wees die hele tyd gereed om te skiet ingeval die dier sou opspring, maar moenie skiet as jy onseker is oor jou medejagters se posisie nie. Wees ook versigtig dat jy nie 'n heel ander (ongekwete) dier skiet nie.

Die volg van 'n bloedspoor regverdig ten minste 'n artikel op sy eie en dalk selfs 'n volledige boek. Dit is dus belangrik dat jy soveel moontlik oor hierdie onderwerp leer voordat jy jou jag aanpak.

'N PAAR WENKE

'n Swaar gekwete dier hardloop gewoonlik in 'n reguit lyn, maak soms 'n 90°-draai net voor hy val en sal eerder afdraande



Op sagte grond soos hierdie is spore, veral dié van 'n kwesbok, maklik om uit te ken en te volg.

beweeg as teen 'n opdraande uit. Jy kan baie leer uit bloeddruppels, onder andere waar die wond is en die rigting waarin die dier hardloop. Indien jy die spoor verloor, soek eers in 'n reguit lyn vorentoe, maar as jy niks kry nie, beweeg terug na die laaste bloed en begin in 'n sirkel soek. Moenie haastig wees nie, wees deeglik en moenie nét op die bloedspoor konsentreer nie – kyk ook gereeld vorentoe en rondom jou of jy nie die dier gewaar nie.

Kry jy geen bloed nie, moenie sommer net aanvaar dat die dier nie gekwes is nie. Dit is nie ongewoon dat 'n gekwete dier glad nie bloei nie, of dat die bloed nie die grond bereik nie. Let ook op na spore wat ongewoon lyk, byvoorbeeld kloutjies wat wyd oopmaak, of sleepmerke.

Kyk of daar hoër grond is vanwaar jy kan soek. Indien die

bok deel was van 'n trop, probeer sy maters vind, andersins moet jy soek in die rigting waarin hy beweeg het en ook rondom drinkplekke. Verder kan jy ook uitkyk vir aasvoëls of kraaie in die omgewing.

Gekwete diere beweeg dikwels in 'n sirkel, so keer later die dag of die volgende dag terug na die area waar hy gekwes is.

NABETRAGTING

Dit is belangrik om alle moontlike stappe te volg om 'n gekwete dier te vind, ongeag die moeite of die effek wat dit op jou jagtyd het. Dit is egter ongelukkig so dat nie alle gekwete diere gevind word nie, veral in groot jagareas.

Ek hoop van harte dat so 'n kwesskoot jou gespaar bly, maar gebeur dit wel met jou, probeer om soveel moontlik uit die hele situasie te leer. 📍

Adverteer Advertise

in

JAGTER SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN HUNTER

Jacques Boshoff

Tel: 012-485-9357 | Sel: 079-528-8793

jacques.boshoff@media24.com

Rina Hattingh

Tel: 012-485-9361 | Sel: 072-605-4897

rina.hattingh@landbou.com

Ronnie Robbertze

Tel: 012-485-9397 | Sel: 072-223-0533

ronnie.robbertze@media24.com

la.va®

Kwaliteit ingevoerde vakuumverpakkingsmasjiene
en vleisverwerkingstoerusting
Twee jaar waarborg.



SA JAGTERSLEDE MET BEWYS VAN LIDMAATSKAP KRY

- 5%-AFSLAG OP MASJIENE
- 10%-AFSLAG OP SAKKIES

Besoek ons aanlynwinkel by www.lava-sa.co.za

E-pos: info@lava-sa.co.za | anneke@lava-sa.co.za

Sel: 072 160 5556

NIGHT FURY
GUN ACCESSORIES

THE SILENCE IS JUST
ORGANIZED LIGHTNING

**A SILENT
REVOLUTION**
GUNS

WWW.BBG.ENGINEERING | 012 653 0023 | INFO@BBG.ENGINEERING

Trophy hunting has, of late, come in for a lot of criticism from various animal rights organisations and other groupings opposed to hunting. The criticisms most often levelled against trophy hunting are that it is a cruel pastime, it is unnecessary, morally indefensible and has no place in a civil society. In one instance, trophy hunters have even been likened to serial killers, so the gloves are certainly off where the antis are concerned. Most anti-hunting groups are also very well funded, and they usually have the support of a number of celebrities as well. It is therefore no surprise that they have no trouble in preaching their disinformation very successfully to a very wide audience.

A CLOSE LOOK AT TROPHY HUNTING

As someone who has lived in Africa all my life and has been a keen hunter since the age of seven, I have had ample opportunity to witness the real effect of trophy hunting. Notwithstanding the most passionate arguments against it, it is necessary to take a long, hard look at the real benefits that are derived from trophy hunting. To do so, it is also just as necessary to ignore the dozens of emotional arguments often forwarded on this sensitive subject.

Ethical, sustainable trophy hunting is one of the most important tools for the conservationist. It is a given fact that any area that is fenced off – even an area as big as the almost 20 000km² Kruger National Park – must be managed effectively in order to preserve the habitat so that the wildlife can survive.

“Management” in this instance refers to controlling the animal numbers inside the fenced area in order not to exceed carrying capacity. Trophy hunting at its very heart has the aim of targeting old male animals that are no longer of breeding age and has therefore already contributed their genetics for the greater good of their spe-



A buffalo bull sport-hunted in Zimbabwe. The sport hunting of a limited and strictly controlled number of such animals has no detrimental effect on the overall buffalo population and generates considerable income for conservation and anti-poaching efforts.

TROPHY HUNTING IN AFRICA: THE FACTS

Sorting the wheat from the chaff as far as trophy hunting is concerned.



A beautiful, mature Kalahari springbuck ram. An animal such as this would be a sought-after trophy for a trophy hunter, and would be paid for in hard currency as well.

cies. A prime example of this is elephant hunting, a topic that frequently causes tempers to flare and blood pressure to rise. The fact is that the average trophy elephant bull is at least 45 years old, is no longer breeding, and generally prefers his own company to that of younger animals, especially cows and calves.

The removal of such an old, non-breeding elephant bull by means of a legal, ethical hunt has a lot of positives going for it. Firstly, there is an overpopulation of elephants throughout much of their range, a fact that is often conveniently ignored by the anti-hunting fraternity. Elephant bulls can be particularly destructive as they consume vast quantities of food daily and are strong enough to push over even large trees. Therefore, the annual removal of a few select bulls has a positive effect on the environment. Secondly, any elephant hunt generates a lot of revenue, and not only for the professional hunter or outfitter conducting the hunt. The typi-

cal trophy fee for an elephant hunt is several thousand dollars and this money is, almost without fail, spent on anti-poaching, conservation and other vital tasks. Thirdly, Africa is a protein-starved continent and the days of shooting an elephant and leaving the carcass to rot out in the bush are long gone. In addition to the tusks and hide of the elephant (which comprise the "trophy"), the meat is distributed to people who are in great need of food.

ADDING TO THE VALUE CHAIN

In many parts of Africa, hunting is conducted on tribal or communal land. If an elephant (or any other trophy animal) is shot, the trophy fee goes directly to the tribe that owns or occupies that land, as does most of the meat. This scenario is one in which the actual custodians of the land, who live alongside the animals, benefit directly from trophy hunting. The money that is generated in this way ensures that for local people the wildlife

on their land has economic value, therefore they will conserve the animals instead of poaching it – as has happened in other parts of Africa. In many instances, a hunting camp on tribal or communal land is a welcome source of employment in a remote area of Africa, further adding to the value chain generated by trophy hunting.

The same can be said of a game farm in South Africa where the farmer derives an income from the value that attaches to the game on his land. If the game animals do not have value, they would have to make way for sheep and cattle.

CONSERVATION BENEFITS

Another criticism often levelled at trophy hunting is that it contributes to the extinction of animal species that are already rare and on the brink of extinction. This is a fallacy. In any well-run hunting concession or farm, careful count is kept of the number of animals, and based on that a calculation is made of

what a sustainable annual offtake would be. If, for example, the Matetsi Unit 6 Concession in Zimbabwe has an annual quota of two lions, only two will be hunted. Overhunting a set quota is seen not only as an offence punishable by law but has caused many a hunter to lose his professional hunter's license. Quotas are therefore strictly adhered to.

The privately-owned game reserves bordering South Africa's Kruger National Park, including Balule, Timbavati, Umbabat and Klaserie (totalling an area of 185 000ha) are prime examples of trophy hunting paying the bills. All these reserves offer photographic safaris as part of their income-generating activities. However, it does not bring in enough money, therefore trophy hunting is offered as well. During the 2016/2017 season, there were almost 7 300 Cape buffalo (*Syncerus caffer*) living within the borders of the aforementioned reserves, not an inconsiderable number of large»



The skull of a black rhino poached in Zimbabwe some years ago. Well-regulated wildlife management is, contrary to what the animal rights movement might claim, an excellent deterrent to poaching in Africa.



An old, past-breeding white rhino bull photographed in a private game reserve bordering the Kruger National Park. Animals such as rhino are once again available to be sport-hunted in limited numbers because of huge conservation efforts largely driven by trophy hunting.




LEFT: An elephant and a motor vehicle contemplating each other in a wilderness area. Large-scale roadbuilding in wilderness areas, a prerequisite for so-called photographic safaris, causes habitat damage and is generally more destructive than well-managed trophy hunting.

BOTTOM: Elephant hunting is a controversial topic in certain circles. However, the fact is that elephants are vastly overpopulated in many areas in Southern Africa. Carefully controlled elephant hunting, including the hunting of old trophy bulls such as this one, is therefore not only a huge income generator but a valuable conservation tool as well.

» ungulates. Yet, despite the large number of buffalo, only 208 were hunted: 134 males and 74 females. This comes to 2.8% of the total buffalo population in these reserves, an entirely sustainable offtake.

When we examine the numbers for elephants, things are even more positive. There were 2 772 elephants in these reserves during the period in question, of which 33 (1.2% of the total population) were hunted. The situation is the same for other species such as kudu, giraffe, impala and hippo. Yet the income generated for the reserves by this very limited hunting directly funded anti-poaching, as well as the other related activities, amounting to between 65 and 86 percent of the total annual budgets of these reserves. Trophy hunting does indeed pay the bills and does its bit for conservation as well!

After many years, a small number of black rhinos are again on license in South Africa and Namibia. This is due to successful conservation efforts in these two countries that have seen black rhino numbers increase dramatically over the past few years. The small black



rhino quota (five each annually for South Africa and Namibia) are used to target select old males that are well past breeding age and are in many instances problem animals that are hampering the breeding efforts of younger ones. The money generated by the hunting of this small number of black rhinos is, in turn, a great boost for conservation efforts and make a huge contribution towards the protection and survival of not only the black rhino but other game species as well.

ELEPHANT OVER-POPULATION TROUBLES

Earlier in the article I touched on the issue of elephant overpopulation. While elephants may be under pressure in certain areas of Africa, the undeniable truth is that they are vastly overpopulated in many Southern African countries, particularly Botswana and Zimbabwe. Botswana has the biggest population of elephants in Africa with an estimated 127 000, most of them concentrated in the northern part of the country. Zimba-

bwe has approximately 80 000 elephants of which the bulk is in the Hwange National Park in the northwest of the country.

Elephant overpopulation has an extremely negative impact on the environment. Not only do they consume vast amounts of fodder and push over trees, they also strain the available water resources. Elephants can on a daily basis, walk vast distances to and from waterholes in search of food. In Botswana's Chobe National Park elephants have destroyed huge

Another oft-repeated claim is that so-called photographic tourism does not harm animals and generates far more income than hunting does and is thus a viable replacement for trophy hunting. Photo: Diego PH (Unsplash – Internet).



areas around available water resources that were home to other key species such as wildebeest, kudu, impala, eland and zebra. As a result, the numbers of these animals have plummeted due to the disappearance of their habitat and their inability to cover the same distances as elephants in order to feed. The Chobe bushbuck (*Tregelaphus scriptus ornatus*), for a long time an iconic species of the Chobe National Park, is virtually extinct in many parts of its natural range, all directly attributable to elephant overpopulation.

THE IMPACT OF PHOTOGRAPHIC TOURISM

Another oft-repeated claim is that so-called photographic tourism does not harm animals and generates far more income than hunting does and is thus a viable replacement for trophy hunting. One UK-based animal rights group (Ban Trophy Hunting – www.bantrophyhunting.org) even makes the astonishing claim that photographic tourism generates up to forty times more income than trophy hunting.

While it is true that photographic safaris work well in some

parts of Africa, it is also a given fact that they have no chance of success in other parts. The reason for this is terrain. Tourists prefer the nice open topography of places such as the Serengeti or Masai Mara for their photography. The thick thornbush found in most parts of Zimbabwe and Botswana are, however, completely unsuitable for any sort of tourism other than hunting.

Something else that animal

extremists are quick to dismiss or keep quiet about, is the huge impact that photographic tourism actually has on the environment. A lodge with accommodation for, say, 20 guests along with a guide or three, plus the necessary staff and equipment required to serve these guests (for example waiters, chefs, game viewing vehicles, etc) requires vastly more resources to function compared to a lonely hunting camp out in the bush.

The ecological footprint in the form of food, sewerage, drinking and bathing water left by 50 or 60 people, as well as air pollution thanks to multiple vehicles, and other factors such as roads, is considerable. Roads, you may ask. Absolutely! The average non-paved road in a wilderness area is approximately 2.5m wide. Should a reserve clear about 300km of roads for game viewing activities (not an unreasonable number in many of the better-developed photographic safari destinations) 750ha of habitat are gone as well. Contrast this with a hunting camp that requires far fewer people to manage, uses less water, food, firewood and fuel, and mostly conducts its activities by walking in unspoilt habitat and it is easy to see that hunting has far less of an impact on the habitat when compared

to photographic tourism.

HUNTING PAYS THE WAY

Notwithstanding all the emotion and hype surrounding trophy hunting, it is a fact that this type of hunting pays its way with very little impact on both animal numbers and the habitat. It is also true that one of the most effective anti-poaching efforts is a professional hunter with a paying client and dedicated staff that regularly patrol an area, conduct anti-poaching efforts, provide water for and generally look after the animals in a concession. A good example of what happens when professional hunters and their clients are thrown out, is the banning of trophy hunting in Kenya in 1977; poaching there quickly became rampant and animal numbers plummeted.

Apart from the environmental benefits of trophy hunting, a hunter hunting in Africa can rest assured that his hard-earned rands and dollars are a direct investment in the future of African hunting.

**The assistance of Pieter Nel from the Southern African Wildlife College as well as Richard Sowry, Vice-President: Conservation of the SA Hunters and Game Conservation Organisation, is gratefully acknowledged. ☺*



A luxury lodge with accommodation for many guests. Places such as this generally require more natural resources to function than hunting camps.



EAGLE BARRELS VIR SKIETLUSTIGES

Geweerlope teen sakpaspryse – word op ons eie voorstoep vervaardig.



Eagle Barrels vervaardig nie net lope nie, hulle bou ook gewere na elke kliënt se smaak. Hier is 'n voorbeeld van een van hul gewere.

Daar was 'n tyd toe Suid-Afrikaners vir bykans alle skietprodukte op buitelandse vervaardigers aangewese was. Dit het gelukkig verander oor die jare en deesdae word ons omtrênt bederf met toebehore uit eie bodem.

Geweerlope is moeilik om te vervaardig en dis die één produk wat baie min Suid-Afrikaanse vervaardigers nog aangepak het. Daarom is dit lekker om aan te kondig dat 'n nuwe vervaardiger, Eagle Barrels, met hul basis net buite Potchefstroom, tot die mark toegetree het. Eintlik is hierdie vervaardiger al 'n rukkie aan die gang maar hulle is nog net nie so bekend onder plaaslike skietentoesiaste nie. Die maatskappy behoort aan Frans Odendaal.



Frans Odendaal, die eienaar van Eagle Barrels, met twee van die lope wat hulle vervaardig.



Jaco Jansen van Vuuren (regs) en Nicolas Shimbambo (bo) besig om masjineerwerk te doen in die fabriek.

Eagle bied lope van beide koolstofstaal en vlekvrystaal aan. Vir hul koolstofstaallope gebruik Eagle Böhler-staal uit Oostenryk. Die vlekvrystaal kom van Italië. Waar die norm onder vervaardigers is om 416R-vlekvrystaal te gebruik, gebruik Eagle 17-4PH. Dis 'n staal wat algemeen gebruik word vir aksies en baie hard is (32 Rockwell). Frans verkies om dit te gebruik omdat 17-4PH 2.7% meer chroom bevat as 416R en dit het ook 'n nikkel-inhoud van 4.5%. Dit sorg vir 'n baie gladde afwerking in die loop as die knopie of *button* gebruik word om die groewe/lande te vorm. Eagle gebruik die sogenaamde *button*-metode waar 'n uiters harde staalknopie deur die loop getrek word wat dan die groewe en lande as't ware "instryk" in die staal.

Beide die koolstofstaal en vlekvrystaal wat Eagle gebruik, se Rockwell-hardheid is 32, terwyl die meeste ander vervaardigers staal gebruik met 'n hardheid van 28.

AKKURAATHEID EN VERSKEIDENHEID
Eagle se leuse is "*Consistency Brings Accuracy*" en op hul web-



blad sê hulle dat die maatskappy akkurate lope waarborg. Dit is goed om te weet. Die maatskappy kan lope in 'n groot ver-

skeidenheid kalibers vervaardig, van .22"-sinterslag reg deur tot by .50"-kaliber. As jy na hulle webblad kyk, sal jy opmerk dat

daar 'n hele paar sogenaamde *wildcat*-kalibers ook aangebied word. Kliënte kan ook kies tussen 'n verskeidenheid loopprofiële en die buite-afwerking daarvan. Groewe (*flutes*) kan gesny word en jy kan kies tussen gedraaide, reguit of *speckled* (*dimpled*)-groewe. Nog 'n opsie is agtkantige lope vir diegene wat daardie meer tradisionele weg wil volg (onthou net, agtkantige lope is gewoonlik 'n bietjie swaarder as ronde lope).

Behalwe dat Eagle geweerlope gewoonweg blou, kan hulle dit ook afwerk met 'n deklaag (*coating*) van jou keuse. Die kleure waaruit jy kan kies, is swart, sand, olyfgroen, bruin of enige spesiale versoek.

Geweerlope vervaardig, is nie Eagle se enigste nering nie. Hulle vervaardig ook knaldempers, tromprems, grendel-hefbome, Picatinny *rails* en onderdele vir RSA-aksies soos grendelstoppe en vere. Eagle kan jou geweer se loop vervang en hulle doen algemene geweer-smidwerk. Dan is groothandelnavrae na al hulle produkte ook welkom.

Ek het Eagle Barrels se perseel vroeër hierdie jaar besoek en is rondgewys deur Frans en sy twee assistente. Ons het gekyk hoe 'n loop se profiel gesny word asook na al die ruimers, knopies en rou-lope wat op daardie stadium in voorraad was. Frans het ook vir my 'n paar gewere gewys wat hulle gebou het. »




'n Aantal van die rou lope wat nog geprofiëer moet word.

» Ongelukkig kon ek nie een van die lope toets nie en my tyd was beperk, dus kon ek ook nie enige van die gewere op die skietbaan toets wat Frans aan my gewys het nie. Daarom is dit vir my onmoontlik om enige uitsprake te maak oor die akkuraatheid van die lope, hul kwaliteit of hul duursaamheid. Terugvoer oor Eagle-lope op twee skietforums was deurgaans positief met so twee klagtes wat ek raakgelees het. Een ding waaroor gewersmede kla, is die hardheid van die Eagle-lope se staal. Hoe harder die staal, hoe gouer verweer die ruimer en gewersmede wil soveel kamers as moontlik sny voordat hulle die ruimers vervang.

Wat belangrik is omtrent Eagle (soos met enige plaaslike vervaardiger) is dat dit makliker is om probleme op te los – sou jy ontevrede wees met die produk – as wanneer jy van ingevoerde produkte gebruik maak. Frans het tydens my besoek gesê dat hulle hul daaraan toewy om kwaliteitprodukte te verskaf wat kliënte tevrede sal hou. In ons huidige ekonomiese klimaat kan geen maatskappy/vervaardiger dit bekostig om swak diens of produkte te lewer nie – dis so goed soos om jou onderneming se doodsvonnis te teken.

Soos verwag, is Eagle se pryse

Behalwe vir lope, maak Eagle Barrels ook komponente soos trompreme waarvan hierdie een 'n voorbeeld is.




Die afwerking aan die buitekant van lope kan op verskillende maniere gedoen word – reguit of gedraaide groewe of die sogenaamde “speckled” afwerking waartydens “dimples” in die loop gesny word.

meer verbruiksvriendelik as dié van ingevoerde lope. Diegene wat dus 'n geweer se loop wil

vervang of 'n nuwe roer wil laat bou, kan gerus ook Eagle-lope as 'n opsie oorweeg.

* Kontak Eagle by 074-482-2279, eaglebarrel@gmail.com of barrelactionarms@gmail.com

KITSFEITE UIT SA JAGTER | HUNTER



- ▶ Die gemiddelde lewende gewig van 'n koedoebul is 250-300kg.
- ▶ Die wildemakou is die grootste jagbare watervoël in Suid-Afrika.
- ▶ SA se eerste georganiseerde skietkompetisie is in 1686 gehou.
- ▶ Vlakvarkbere het twee stelle gesigsvratte en sê net een.
- ▶ 'n Ystervarkwyfie het twee pare spene wat aan haar sy sit.
- ▶ Die gemiddelde karkasgewig van 'n rooibokram is 65kg.

(Vir nog interessante feite besoek www.sajagterhunter.com)



Die 6.5x54 Mannlicher-Schönauer wat Kleinpiet gedurende die jag gebruik het.

Die geklop op die bakkie se dak laat my die voertuig vinnig in 'n stofwolk tot stilstand bring. "Pappa kan ons sommer hier aflaai," sê my seun Pietman en spring ligvoets van die bak af terwyl Kirk die ongelaaide geweer vir hom aangee en daarna self met 'n jeugdige sprong langs hom in die pad land.

"Come on, Debon, hurry up," beveel Kirk sy jonger broer wat nie baie ywerig lyk om die Vrystaatse klowe en rante te voet aan te durf nie en effens te lank na sy sin neem om van die bakkie af te klim.

Skielik wonder ek of ek die regte ding doen om dié twee Engelse seuns aan my seun se sorg toe te vertrou. Hy gaan al van voorskooljare saam met my jagveld toe, maar het hy genoeg deur my voorbeeld geleer om »

DIE VOORREGTE VAN 'N VELDKIND

"I wish I grew up like this!" het Kirk met verwondering gesê...



Die digte groen soom waar Pieta die trop koedoes die eerste keer gewaar het.



Koedoebul. Foto: Johan van Wyk.

» verantwoordelik in sy pa se afwesigheid op te tree en nie windmakerig voor kuiergaste uit die stad te wees nie?

Dit is egter nou te laat om daaroor te wonder, want die drietal begin fluks aanstryk na die diggeboste oewers langs die rivier. Kareebome, olienhoute, soetdorings, wag-'n-bietjies en witstinkhoutbome kom hierlangs in groot getalle voor – 'n ideale wegkruipplek vir die talle koedoes wat natuurlik op die plaas voorkom. Ek bring die bakkie in die skaduwee van 'n groot ou olienhoutboom tot stilstand, swaai die .308 oor my skouer en kies koers na die westelike rante waaragter die son oor 'n uur of twee sal wegsak.

“Kry altyd eers die son in jou blaai,” hoor ek weer oorlede Pa se stem in my ore. Dis een van die belangrikste lesse in die jagveld wat hy my geleer het. “Dit maak nie saak watter tyd van die dag dit is nie; 'n mens loop nooit met die son in jou oë as jy dit kan verhoed nie.” Dit was goeie raad wat my al menigmaal verwonderd laat staan het oor die gedrag van wild wanneer hulle teen die son in moet bepaal of dit 'n mens is wat hulle sien en of hy enigsins gevaar vir hulle inhou.

Nadat ek die kruin van die rante bereik en my vir 'n paar minute aan die pragtige uitsig voor my verwonder het, begin ek

stadig (met die son in my blaai) afsirkel in die rigting van die rivier. Weens my hoogtevoordeel (bo die seuns) is ek in 'n uitstekende posisie om die rivieroewer dop te hou vir enige bokke wat, weens die seuns se aantog, in my rigting wil spore maak.

ONBEPLANDE JAGTOG

Ek het nie hierdie jag beplan nie, maar toe die seuns vanoggend met oë wat blink van opgewondenheid kom vra of ons nie namiddag 'n draai met die gewere in die veld kan loop nie, kon ek nie weier nie. Veral omdat Kirk en Debon in 'n huis grootword waar ma ook pa se skoene moet volstaan en daar nie juis kanse in hulle lewens opduik om 'n draai in die veld te stap nie, wat nog te sê met 'n jaggeweer agter grootwild aan. En ek ken mos die verlange in my eie seun se hart na die roepstem van die “wildernis”.

Die enigste probleem is dat daar net nie te veel patrone vir Oupa se kortloop-6.5x54 Mannlicher-Schönauer in die boksie oor is nie, maar selfs dít kon nie die seuns se entoesiasme demp nie. “Een skoot is al wat jy nodig het as jy dit reg doen,” het Pietman my aan nog 'n stukkie goeie raad van sy oupa herinner.

Die streep koedoes wat sowat 400m voor my soos skimme uit die digte rivierbos verskyn en van links na regs voor my verby

hardloop, ruk my vinnig terug na die werklikheid. Ek sak dadelik op my hurke in die rooigras neer en bekijk die koedoes deur my teleskoop – 'n groterige trop met koeie en kalwers en twee jong bulle. Terwyl ek hulle dophou, klap daar skielik 'n skoot in die rigting vanwaar die koedoes gekom het en ek besef dat die seuns hulle uit die digte oewerbos verjaag het. Die trop seil grasieus en met platgetrekte ore oor die 1.2m hoë lyndraad.

BENOUEDE OOMBLIKKE

My vermoede was dat die seuns 'n enkele skoot op hierdie trop bokke geskiet het, maar toe die bokke uit die oog verdwyn, val daar nog 'n skoot en ek besef dat hulle iets anders moes raakgeloop het. “Twee,” sê ek onwillekeurig hardop soos ek die skote tel.

Toe daar kort daarna 'n derde skoot val, besef ek dat hulle dalk 'n bok gekwes het en nie meer baie patrone oor het nie. Skielik onthou ek van my selfoon en bel Pietman se nommer haastig. Gelukkig is daar iets soos “*speed dial*”. “Antwoord tog net jou foon,” dink ek hardop toe ek die luitoon in my oor hoor. Toe hy antwoord, is al wat ek kan uitmaak: “Koedoe gekwes... Pappa se kant...” Die selfoonsein is nie op sy beste tussen die Vrystaatse rante en koppies nie en toe die blikstem in my ore sê, “*The num-*

ber you have dialed...” druk ek die foon driftig dood. Nou regtig bekommerd, begin ek drafstap in die rigting waar ek dink die koedoes behoort te wees.

Toe die vierde skoot klap, weet ek daar is moeilikheid en skakel my drafstap oor na 'n sukkeldraffie. So in die draf bel ek weer sy nommer. Dié keer is die sein beter en 'n baie benoude seun met 'n erge adrenalienaanval sê angstig: “Pappa, hy hardloop daar na Pappa se kant toe!”

Nog voordat ek kan vra of hy dood is, toe weer: “Hy is op pad na die koppie agter die groen huis, Pappa moet hom skiet!” (Die groen huis is 'n bouval wat ons as kampplek gebruik het.) Ek skakel my sukkeldraffie na 'n hoër rat oor en begin voluit in die rigting van die koppie hardloop, so vinnig as wat die klipperige terrein dit toelaat. Sommer so in die hardloop stuur ek 'n skietgebedjie op, want as die bok voor my by die koppie uitkom, sal ek hom nie onder skoot kry nie en kan hy maklik in die buurman se veld in verdwyn.

DIE VERRASSING, DAN SUKSES

Die klipperige terrein teen die nek van die koppie uit verraaie dat die bul in my rigting in aantog is. Ek is van die teenoorgestelde kant af op pad. Nogtans is die verrassing groot toe ek en hy mekaar op 'n afstand van sowat 20 treë vir die eerste keer op die

kruin van die rant gewaar.

In my agterkop is ek die heeltyd oor die seuns bekommerd, want ek weet nie presies waar hulle is nie. Gelukkig swaai die bul skielik na regs weg en hardloop plankdwars aan my linkerkant voor my verby, teen 'n skuinste uit. Die afstand is ongeveer 50 treë en met die bul se wegswaai na regs, is daar geen gevaar dat die seuns in my vuurlyn kan wees nie.

Die geweerkolf vind vanself die pad na my skouer, my wysvinger outomaties om die sneller gekrul. Vir 'n vlietende oomblik kry ek my gejaagde asemhaling onder beheer – ek het net tyd vir een skoot en dit moet 'n doodskoot wees. Toe die skoot klap, sak die bul in sy spore neer. Skielik is dit doodstil...

My ore suis, my mond is kurkdroog en my bene wil nie meer nie. Stadig sak die geweerkolf grond toe en uit die hoek van my oog sien ek die drie jongmanne oor die rant aankom.

“Het Pappa hom?”

“You got him uncle Pieta?”

“Waar lê hy?”

Boer en Brit se vrae is 'n onophoudelike stroom en toe hulle eers die bul gewaar, is dit soos 'n gebarste pyp waarvan jy nie die water kan terughou nie.

“How are we going to get the bakkie up here?”

“Pappa, kan ons hom asseblief laat opstop?”

“Wow, he is a real beauty uncle Pieta.”

Dit is 'n pragtige bul: dik nek met ruie maanhare, die ligte chevronstrepes op die grysbruin lyf wat spierwit uitstaan en die sierlike stel horings met die punte wat blink in die son...

HERWINNING EN NABETRAGTING

Pietman se eerste skoot was reg van voor in die bors, maar weens die hoek van die skoot is al die “vitals” gemis. Sy tweede skoot was in die hardloop. Volgens hom het hy vir die blad gemik. Dit was egter te hoog en te ver na agter. Die ander skote wat hy geskiet het, was mis.

Die koeël uit die .308 se loop

het die bul in die nek getref en sy einde beteken. Die 165gr-koeël het sy werk goed gedoen!

Die seuns kon hulle hande en oë nie van die bok afhou nie en ek stap toe maar alleen terug om die bakkie te gaan haal. Ek

het geweet dit sal broekskeur gaan om tot naby die bok te kom. Veral die laaste 80 treë is 'n steil opdraand en ek sou moes kophou om die grootste klippe, bosse en bome te vermy.

Nadat ek egter die bakkie in

donkierat gesit het, en na 'n gebokspring, gebrul en 'n stormloop, het ek in 'n walm van rook, stof en klippe voor die gevalle koedoe bul stilgehou. Maar helaas, die krag van drie seuns en my beste pogings, kon nie die bul agterop die bakkie kry nie. Net daar en dan het ons die binnegoed uitgehaal en na 'n lang geswoeg en gesweet die bul veilig op die bakkie gehad.

Met die koue water uit die koelhouer kon ons hande was en gesigte afspoel. Diep teue uit die waterbottel het nog nooit só lekker gesmaak nie. Vier yskoue koeldranke uit die koelboks het wondere gedoen om weer die energievlakke te herstel. Met my ergste dors geles en die laaste strale van die sakkende son in my blaaie, was daar 'n gevoel van genoegdoening binne my, 'n diep dankbaarheid... Die breë glimlagte van tevredenheid op die seuns se gesigte het my opnuut laat besef hoe gelukkig en bevoorreg ek en my seun is om hierdie dinge te kan ervaar.

Met Kirk se, “Uncle Pieta, I wish I grew up like this,” was dit tyd om huis toe te gaan... 🏠



BO: Pietman se koedoe horings teen die stoepmuur en, onder, sy trofee in sy kamer.





Die Brno 7x57 waarmee ons almal leer skiet het (bo), dan Pa se P14 .30-06, en heel onder my CZ 550 .30-06.

PERSOONLIKHEDE EN KALIBERS

'n Man se kaliberkeuse sê soms baie oor sy persoonlikheid...

Almal van ons het ten minste een vriend wat langs elke braaivleisvuur vir jou vertel hoe hy alles, van 'n duiker tot 'n olifant, met sy .30-06 sal aanvat en dat daar net eenvoudig nie 'n beter kaliber op die mark is nie. Ek weet al my vriende het so 'n vriend, want dit is ék.

Ek het egter nie leer skiet met 'n .30-06 nie. Die Brno 7x57 was fisies die kleinste en ligste geweer in die kluis, en dus het elkeen van ons drie seuns, sodra ons die windbuks en .22 be-

meester het, aanbeweeg om met die 7x57 verder te leer skiet. Ongelukkig kan jy ook vandag duidelik sien dat daardie geweer-tjie drie jongmanne moes help grootmaak en leer skiet.

PA SE .30-06

Vir so lank as wat ek kan onthou, skiet my pa met 'n .30-06, gebou op 'n P14-aksie met 'n Musgrave-loop. Oorlede Ben Musgrave het die ombouing van die .303 na .30-06 reeds in die vroeë 1980's vir Pa gedoen. Net soos elke klein seuntjie het

ek geglo niemand kan skiet soos my pa nie en het ek hierdie .30-06 met die vreemde slotak-sie kwaai bewonder.

Toe ek as agtienjarige basies my hele hoërskoolloopbaan se spaargeld bymekaar geskraap het om my eerste geweer te koop, was dit gevolglik glad nie vreemd dat my keuse van kaliber, 'n .30-06 was nie. Hierdie skrywe gaan egter nie oor die .30-06-kaliber of my eerste geweer nie, maar ek probeer net illustreer watter invloed my pa se keuse van geweer op my

keuse gehad het.

Ek is redelik seker die meeste van julle het uit die eerste paar sinne reeds 'n opinie oor my en my persoonlikheid gevorm. Hierdie opinie is uitsluitlik gebaseer op die tipe kaliber wat ek verkies en, meer spesifiek, waarom ek dit verkies, en dit is waaroor ek wil gesels. Dit strek so ver as die verskillende persoonlikhede in die jagwêreld, hoe dit aansluit by ons keuses van kalibers en toerusting, asook hoe ons dan hierdie inligting gebruik om 'n opinie oor iemand te vorm.

Ek het hierdie vaalribbokram in die Witsand-distrik met my CZ 550 .30-06 geskiet.



TWEE GROEPE JAGTERS

Ek is van mening dat alle jagters basies in twee groepe verdeel kan word, naamlik: modern en sentimenteel. Die moderne groep is die ouens wat die kalibers verkies wat vir Oupa net so volksvreemd sal klink as termes soos “*vegan*”, “*yoga*” of “*eco-friendly*”. Die sentimentele groep, daaren-

teen, is die ouens wat kalibers verkies omdat Pa, Oupa en almal voor hulle in die stamboom, hulle verkies het. Net soos enige ander stelling of reël is daar uitsonderings, en dis onmoontlik om hierdie twee groepe teen mekaar op te weeg sonder om hier of daar op ’n toon te trap, maar ek gaan my bes probeer.

Ons bevind ons in ’n tyd waartydens jy vandag in ’n geweerwinkel kan staan met ’n reusehoeveelheid kalibers om uit te kies. Draai jy egter om en kom volgende week terug, kan ek jou amper belowe dat daar nog twee nuwe opsies sal wees. Die lys van kalibers groei op die oomblik teen ’n geweldige

tempo in vergelyking met jare gelede – só vinnig dat ek al gehoor het van mense wat ’n geweer in ’n spesifieke kaliber gekoop het, maar voor sy aansoek vir die lisensie afgehandel is, was daar reeds ’n nuwe kaliber op die mark. (Dit kan dalk iets van ons wetgewing se aansoekproses ook sê, maar dit daar gelaat.) Dan word die oorspronklike kaliber verkoop sonder dat daar ooit ’n skoot geskiet word en die nuwe kaliber word dadelik aangeskaf. Ek het al gewonder wat sal gebeur as daar dan weer ’n nuwe en “beter” kaliber op die mark kom? Word dieselfde proses dan herhaal? Wanneer kom so ’n ou ooit in die veld met sy nuwe geweer?

Tussen my en my twee broers het ons verteenwoordigers in beide van hierdie twee groepe. Soos julle seker reeds kon aflei, neig ek meer in die sentimentele rigting wat my eie kaliberkeuses aanbetref. Sentiment is vir my belangrik, daarom onthou ek vandag nog dat ek my eerste koedoe as elfjarige op 28 Mei 2005 geskiet het. Dit was vir my ’n spesiale dag en iets wat ek eendag as ek oud is, steeds wil onthou. Ek onthou die kaliber »

My broer, Paul Snyman, en sy vrou, Liezel, met ’n springbokram wat sy het met sy .243 AI geskiet het – een van die meer moderne kalibers in ons gesin.



» waamee ek geskiet het, die plek op die plaas waar dit gebeur het, en my pa se woorde na die bul die grond getref het.

Alhoewel ek baie sentimenteel is, is ek nie blind vir die verbeteringe wat tegnologie na ons bedryf gebring het nie, en gaan ek na alle waarskynlikheid ook eendag 'n moderne kaliber besit. Die feite is net te duidelik om so 'n oorweging te kan ignoreer: Die nuwe kalibers word meestal ontwerp om sommige van die swakpunte in die vorige kalibers aan te spreek.

Die teenargument is natuurlik dat 'n kaliber soos die .30-06 in 1906 ontwerp is (eintlik 'n jaar of twee voor dit, maar kom ons kloof nou nie hare nie). Na meer as 100 jaar word dit vandag nog as 'n gewilde kaliber gesien en vervaardigers hou aan om dit te vervaardig. As daar fout met die kaliber was, sou vervaardigers sekerlik al die vervaardiging daarvan gestop het?

ONTHOU EN WAARDEER

Sentiment in die jagveld strek oor 'n wye spektrum van onthou en waardeer. Die ou wat sentiment heg aan sy keuse van kaliber, heg waarskynlik ook sentiment aan 'n hele paar ander goed in die veld: 'n Spesifieke



Hier is ek op 28 Mei 2005 met my eerste koedoe, wat ek met die Brno 7x57 geskiet het.

koppie, 'n mooi weggesteekte kloof, of dalk 'n knipmes. Dis dan ook hý wat stories oor byna elkeen van sy bokke kan vertel. Vir hom is die belangrikste deel van enige jag die ervaring daarvan. Hy neem 'n wvrag vol herinneringe huis toe, en nie noodwendig vleis en trofee nie.

Hierdie hele bedryf van ons kan as't ware as 'n ekosisteem beskou word. Elkeen van ons

met ons verskillende opinies en voorkeure vorm 'n integrale deel van hierdie sisteem. Die moderne ouens is die dryfkrag na groei in ons bedryf, en vir so lank as wat daar 'n behoefte na nuwe, verbeterde kalibers bestaan, gaan vervaardigers uit hulle pad om dit te verwesenlik. Of jy dit nou wil glo of nie, op 'n manier gaan ons almal by hierdie groei baat. Handelaars maak

waarskynlik ook staat op hierdie ouens om inkomste te genereer, want met elke verandering wat gemaak word, kom inkomste na hulle kant toe.

Die sentimentele verteenwoordiger bring aspekte na vore wat nie in geld gemeet kan word nie. Hierdie tipe manne is nodig sodat ons vir die aanvallers teen ons bedryf kan wys dat daar 'n groter prentjie is wat in ag geneem moet word. Ons is allesbehalwe 'n groep bloeddorstige moordenaars. Hiermee sê ek nie dat die moderne ou die jagbedryf se beeld skade berokken nie, ek dink net die sentimentele groep vorm ons eerste linie van verdediging in die geveg om ons bedryf aan die lewe te hou. Verder is dit ook belangrik dat ons die jongelinge in ons bedryf vroeg moet leer dat jag oor veel meer as net die doodskoot gaan.

In kort: Jagters is, net soos vissermanne, baie lief daarvoor om mekaar so 'n bietjie gas te gee oor hul voorkeure in toerusting. Die meeste van hierdie argumente vind in baie goeie gees plaas, maar ek het ook al gesien dat sekere manne warm onder die kraag van so 'n gesprek af wegstap. Ons kan egter soveel gas soos wat ons wil vir mekaar probeer gee en mekaar probeer oortuig waarom dít beter is as dát.

Die feit bly staan, net soos in enige ander ekosisteem, kan die een nie sonder die ander een bestaan nie. Sommige van ons neem dalk langer as die res om die waarde van verandering raak te sien, maar wanneer ons besluit om toe te gee tot die druk, wil ons graag 'n beter opsie hê om oorweeg. Die moderne groep gaan sorg dat hierdie opsie vir jou beskikbaar is wanneer jy reg is daarvoor.

Gaan ons bedryf tot niet, is die bestaan van beide hierdie groepe daarmee heen. Waardeer mekaar se verskille – alles in ag genome is daar steeds een ding waaroor ons almal saamstem: Jag is lekker en vir elkeen van ons beskore. 🎯



Ek met 'n koedoe bul wat ek in die Rietbron-distrik met my getroue .30-06 geskiet het.

SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
Hunters and Game Conservation Association



Inyathipark, Plot 3, Mountain Drive 7/Inyathi Park, Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus/PO Box 1952, Montana Park, 0159
Tel: 012 808 9300 Faks/Fax: 012 808 9344 E-pos/Email: admin@sahunt.co.za
Web: www.sahunters.co.za

DIE JAGTER SE TYD VIR INTROSPEKSIE

Daar is 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan, en vir die jagter is daar ook 'n tyd om op 'n rots in die veld te gaan sit en van buite na die eie self te kyk. Kyk na jouself deur die oë van Jan Publiek, loer onderlangs na jouself deur die dik brille van die wetstoepassers. Beskou jouself deur die verkyker van die eienaar van die

jagbestemming, en tuur ook na jouself deur die skerp oë van die wilde diere van die veld. Dit is tyd vir introspeksie.

Hierdie gedagte het op 'n onlangse jagtog naby Aliwal-Noord in die bitter koue van die Oos-Kaap ontstaan, waar ek vir 'n week lank die enigste jagter op die plaas was. Die geselse met ander jagters, plaaseienaars, plaaswer-»

Twee jagters op die uitkyk vir diere in die Karoo.



PROVINSIE/TAK	SENTRALE DORP	VOORSITTER	NOMMER
GAUTENG-NOORD			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Isak Burger	082-454-7978
Baviaanspoort (Pretoria-Noord)		Hansie Lerm	082-652-2396
Brits		Hansie Helberg	082-826-2038
Centurion	(Centurion)	Fanie van Wyngaard	083-646-3324
Marico Bosveld	(Rustenburg)	Ferdie Neumeyer	082-651-6393
Pretoria-Oos	(Pretoria-Oos)	Dieter Labuschagne	082-654-3280
GAUTENG-SUIDOOS			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Danie Momberg	082-901-2067
Edenvale		Richard Ford	082-415-3840
Eland	(Alberton)	Stephan Lindeque	082-873-9289
Impala	(Bredell)	Anita Stegmann	082-498-6708
Oos-Rand	(Kempston Park)	Pieter Claassens	083-289-8543
Springbok	(Brakpan)	Pieter de Beer	083-627-5749
GAUTENG-SUIDWES			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Cassie Carstens	083-453-3312
Tembo	(Jhb-Noord)	Rodney Butle	082-827-8650
Transvaal	(Randfontein)	Ria Zeelie	083-390-8465
Wes-Rand		André Botha	083-463-3620
KWAZULU-NATAL			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Barry Looch	083-289-7811
Iphithi	(Durban)	Danie J van Rensburg	083-376-1936
Mpungini	(Dundee)	Schalk Meintjes	082-923-8212
Oribi	(Margate)	MD Bester	082-856-4970
Umfolozu	(Richardsbaai)	Pieter Britz	083-413-7881
LIMPOPO			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Izak Haasbroek	082-878-7351
Hardekool	(Musina)	Izak Haasbroek	082-878-7351
Mopani	(Phalaborwa)	Otto van der Star	082-568-1474
Soetdoring	(Mokopane)	Danie Grobler	073-689-6249
Thabazimbi		Gert Oosthuizen	082-853-2054
Waterberg	(Ellisras)	Herman de Lange	082-772-5008
MPUMALANGA-NOORD			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Gert Opperman	082-870-4989
Bosbok	(Steelpoort)	Leon Visser	082-808-9641
Loskop	(Marble Hall)	André Ruhling	082-373-4390
Ngwenya	(Nelspruit)	Jan Sutherland	082-906-7959
Olifants	(Middelburg)	Johnny Pretorius	083-654-9993
Platorand	(Belfast)	Kobus Davel	083-625-6806
Rietbok	(Breyten)	Charles Robberts	082-441-7723
Sebra	(Witbank)	Gert van der Merwe	082-802-9616
MPUMALANGA-SUID			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Pierre Meyer	083-306-5686
Bethal		Willie Oosthuizen	082-493-6689
Duiker	(Balfour)	Gerhard Harmse	084-206-4452
Edelvalk	(Standerton)	JC Schoeman	060-622-2333
Heidelberg		Zet Robberts	082-320-6631
Houtkapper	(Secunda)	Hendrik Byleveld	082-045-6437
Majuba	(Volksrust)	Wessel Oosthuizen	082-454-7435
Suikerbosrand	(Meyerton)	Pierre Meyer	083-306-5686
Wilgerivier	(Frankfort)	Danie Pieterse	082-974-9382
NOORD-KAAP			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Bertie Theron	082-825-0439
Doornberg	(Prieska)	Bertie Theron	082-825-0439
Gamagara	(Kathu)	Johan Roets	078-122-7987
Griekwaland-Wes	(Kimberley)	Jors Humpel	082-787-9240
Karoo	(Victoria-Wes)	Johan Jooste	071-333-3773
Kgalagadi	(Upington)	Bertus Burger	072-786-8649
Steenbok	(Lime Acres)	Schalk Victor	082-885-8277
NOORDWES			
KALAHARI BOSVELD:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Jors Swanepoel	083-643-2591
Genl de la Rey	(Lichtenburg)	Jors Swanepoel	083-643-2591
Kameeldoring	(Mafikeng)	Rudolf van der Walt	083-300-2937
Koedoe	(Zeerust)	Nico J van Rensburg	082-388-0908
Makwapa	(Setlagole)	Ampie Strauss	082-578-7614
STELLALAND:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Flip Fouche	082-570-6322
Diamant	(Wolmaransstad)	Johannes Lubbe	083-769-9972
Hartsvier	(Delareyville)	Japie Schutte	083-462-7284
Schweizer	(Schweizer-Reneke)	Flip Fouche	082-570-6322
Sterland	(Vryburg)	Willem du Toit	082-348-7531
Vaalharts	(Jan Kempdorp)	Cliff Oosthuizen	074-891-2503
VAALRIVIER:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		André Olivier	082-568-1508
Frontier	(Stilfontein)	André Wepener	083-462-2294
Hartbees	(Potchefstroom)	Johan van der Walt	082-571-6414
Vaaldriehoek	(Vereeniging)	Jan de Man	072-784-2350
Witrenoster	(Klerksdorp)	Duane Heymans	071-895-0520
OOS-KAAP			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Mornay Eyre	081-562-3258
Gamtoos	(Patensie)	Gustav Bell	082-462-0755
Grysbok	(Jeffreysbaai)	André Botha	084-567-8989
Kamdeboo	(Graaff-Reinet)	Johan Dorfling	082-847-6615
Koukamma	(Kareedouw)	Nico Herselman	082-441-2467
Kwagga	(Port Elizabeth)	Ockert Barnard	082-906-9253
Tuinroete	(George)	Gerhan Archer	082-567-6941
DRAKENSBERG:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Org Hamman	082-867-6566
Lammergeier	(Aliwal-Noord)	Pierre Bosch	071-497-1598
Renosterberg	(Middelburg – Kaap)	Werner Potgieter	082-575-4762
Stormberg	(Queenstown)	Andre Botha	083-491-1999
VRYSTAAT			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Stompie Thuynsma	082-564-3792
Bloemfontein		Pieter du Preez	079-528-9217
Bloukrans	(Vanderkloof)	Rikus Stander	082-775-5480
Bothaville		Christo Roux	082-926-4366
Cheetah	(Hertzogville)	Johan van Rensburg	082-374-7898
Olienhout	(Parys)	Jan Lubbe	082-421-1122
Riemland	(Bethlehem)	Kobus Maree	082-924-5565
Sandrivier-58	(Welkom)	Michelle van Heerden	072-868-9186
Valschrievier	(Kroonstad)	Jaap Erasmus	084-448-1578
Vrystaat Sandveld	(Soutpan)	Ben van der Merwe	084-613-2316
WES-KAAP			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Justus Harms	082-497-4230
Bergrivier	(Piketberg)	André Kennedy	083-289-6524
Maskam	(Vanrhynsdorp)	Willem van Niekerk	083-633-2992
Namakwa	(Springbok)	Carel Oberholzer	082-805-0181
Overberg	(Caledon)	Danie de Waal	083-626-5538
Swartland	(Malmesbury)	Wynand Lotter	082-929-8658
Tafelberg	(Bellville)	Wessel Symington	082-351-9991
Weskus	(Vredenburg)	Jacques Smit	082-517-9377

» kers, die publiek, en menige ander oor die jare heen het die idee van introspeksie ontketen.

SKERP WAARNEMING

Daardie alleentyd in die veld met net die plantegroei, die landskap en die wilde diere rondom jou, is uiters kosbaar. Maar as ek luister na mense, dan wonder ek of hulle oë, ore en neuse die verhale van die wêreld om ons waarneem.

Sien hulle die ou blouwildebees wat agter die trop aansukkel, of is dit net die trofeebul wat hulle opgewonde maak? Dalk is dit beter om daardie ou dier uit te haal as om die grootste een te jag wat die goeie genetika nog moet laat voortbestaan. Kyk hulle die springboktrop goed deur vir die ouer diere wat alreeds op pad na die ware Bokveld is, of is net 14"-horings belangrik? Die moderne, gejaagde lewe bied nie tyd vir stapjag nie – alles moet vinnig gedoen word. Is dit nie juis die rede hoekom baie jagters nie meer die wondere van die veld ervaar nie? Daardie lang en moeisame stap agter die onrustige gemsboktrop aan is juis die tyd wanneer 'n mens die bakoervossies by hul gate gewaar of 'n elandbul tussen die kameeldorings.

Bekruip jy suutjies die rooibokke, hoor jy skielik die ge-

skarrel van bospatryse wat verjaard die pad vat. Kan jagters die spoor van die strandwolf van dié van 'n luiperd onderskei, of die verskil tussen die reuk van rooibokke en koedoes beskryf? Wat vertel die fyn spinnekraak in die spoor van die buffel vir ons? Was dit gisteraand se spoor of is dit vanoggend s'n? Of fokus jy só op die skiet van die dier dat jy die totale ervaring van die jag misloop?

Die wêreld om ons is 'n storie van die veld wat nêrens begin nie en nêrens ophou nie – 'n storie wat elke dag gelees moet word, want daarin lê die jagter se genot. Dis die wysheid wat die jagter oor jare heen opbou om 'n werklike natuurmens te word. Al die geheimenisse van die veld lê en wag, maar ons word daarvan ontnem want ons neem nie meer waar nie.

KENNIS VAN SKOOTPLASING

Agter die blad, op die blad, in die nek, in die kop, op die skouer – terme vir skootplasing wat baie debat uitlok. Dit maak nie saak waar die korrel vassuig nie; as daardie koeël nie die regte orgaan (hart, longe, brein of rugmurg) tref nie, kwes jy die dier. Kopskote en nekskote is uitstekend, maar dan moet die skoot met presisie tref. Hoeveel keer al moes ek ander jagters se bok-

ke gaan soek na 'n kopskoot 'n bekskoot geword het? Nekskote op diere soos gemsbokke en blouwildebeeste is ook riskant vanweë die posisie van hul werwelkolomme. Te hoog, dan vlieg die koeël deur die kambe, te laag, word die slukderm of lugpyp afgeskiet... En dán volg die lang soektog om die moeilikheid onklaar te maak.

My onlangse jagtog was ver van normaal, met ysige koue weer, ongekende wind en sku wild (stropers met honde het hulle verwilder). Van gemaklik bekruip om onder 200 meter my gunsteling-kopskote reg van voor (vanaf 'n Harris-tweepoot) te skiet, was daar geen sprake nie. Dit was bladskote, of niks. Ek het gelukkig Kevin Robinson (Doctari) se *The Perfect Shot* al soveel keer gelees dat ek goed met die anatomie van die onderskeie diere bekend was.

Lang skote op blouwildebeeste was taboe omdat almal weet dat wildebeeste baie taai diere is. 'n Ver skoot op 'n gemsbok het my voorheen reeds laat ervaar hoe lank dit neem voor die dier finaal tot ruste kom. My keuse? Reg op die blad en nie een duim verder agter toe nie. Daardie bladskote het twee blouwildebeeste nêr daar laat val en my weereens laat besef dit bly die jagter se beste skoot.

Bestudeer dus die biologieboeke om presies te weet waar die hart en longe van die dier geleë is. Tensy die jagter 100% seker is van die kop- of nekskoot, en sy geweer op 'n tweepoot vasgevries is, is sulke skote net te riskant. 'n Bietjie wegsnyvleis op 'n bladskoot is minder skadelik as 'n daglange gesoek na 'n bekskootbok waarvan die vleis onbruikbaar gaan wees.

'n Ander stukkie raad vir dié wat wel kopskote en nekskote met dodelike akkuraatheid kán skiet: Gebruik die swaarste moontlike kaliber met baie sterk premiumkoeëls. Dit verseker 'n doodskoot, al val die koeël nie presies waar die korrel was nie.

SKIETVAARDIGHEDE

Die grootste onwaarhede kom uit die monde van jagters as dit by skietvermoë kom. Geen jagter skiet beter as sy geweer nie en dus kan die geweer selde vir swak skote geblameer word. So vertel jagplaaseienaars van sommige jagters wat net een keer per jaar die geweer hanteer en dis tydens die jagtog. 'n Mens sou dink dat 'n jagter se beste vriend sy geweer is en dat beste vriende baie tyd saam spandeer.

Dit is nodig vir die jagter om gereeld te oefen sodat sy skietvaardighede verbeter of op standaard bly. Die SAJWV bied

In hierdie ongewone tye is dit nodig vir jagters om soms 'n tree terug te gee en te dink oor die pad vorentoe. Ongewone tye vra vir ongewone stappe, en die jagindustrie het nie ongeskonde gebly tydens die Covid-19-pandemie nie.



Twee volwasse rooibokramme. Baie boere vereis dat jagters soms eerder vroulike diere jag ten einde hulle wildpopulasies te beheer. Foto: Nic de Bruine.

baie geleenthede vir oefenskiet, sportskiet en kompetisieskiet en dus kan niemand beweer dat daar nie genoeg geleenthede is nie. Die bekende gholflegende, Gary Player het gesê: “*The more you practice, the luckier you get.*”

Die jagter kan ook beswaarlik kla dat hy die gewere se loop sal “uitskiet”, want die meeste jaggewere oorleef hul eenaars. Maak ook seker van jou beste skietposisie vir jagdoeleindes. Myne is met die Harris-tweepoot stewig op Moeder Aarde geanker. As ek nie só kan skiet nie, dan moet die wild maar die pad vat. Uit die skouer, oor ’n mikstok, teen die boomstam? Ek sal dit nie eens waag nie!

DIENSBAARHEID VAN JAGGEWERE

Weereens vertel plaaseienaars van teleskoopmonterings en -ringe wat soos kerkklokke lui, stelskroewe wat losgeraak het en lope wat soos rioolslote lyk. Ek moet bieg: Ek kom toe verlede jaar agter dat ek glad nie meer (soos al die jare) groeperings kan skiet nie. My Ruger Varminter .223 Rem, Remington Sendero 7mm Rem Mag en CZ 550 .300 Winchester Magnum het almal soos bokhael

begin skiet. Ek was raadop.

Vriend Org Hamman dop toe die gewere om, begin voel aan die skroewe en gluur my aan: Die skroewe is te vas gedraai! Hy draai los, en maak skroewe weer “reg” vas. Die gewere groeper weer soos dit hoort! Toe onthou ek die sneller-episode: Ek het beide die Sendero en CZ se snellers vervang en daarna het die gewere erger as ’n twaalfboor met bokhael geskiet. As Org my nie met ’n eenvoudige skroewedraaier gered het nie, sou ek volgende jaar die gewere vervang het omdat ek die gewere ondiensbaar gemaak het.

LAAI VIR KORREKTE DIMENSIES

Herlaai van ammunisie spaar nie alleen geld nie, maar dit produseer meestal baie akkurate ammunisie as dit korrek herlaai is. Miskien is die beste deel van herlaai die genotvolle oomblik as die voltooië patroon in jou hand lê, maar is die ammunisie reg vir jag? Gebruik die jagter goeie, sterk koeëls wat nie die hele wêreld vol giftige lood besaai nie, of is dit sommerkoppunt-militêre koeëls wat dwarsdeur die bokke fluit? Is die ammunisie gelaai vir opti-

male akkuraatheid? Al is die geweer diensbaar, kan dit steeds ’n totale fiasko veroorsaak as die ammunisie nie groeper nie.

Weereens het ek ’n les geleer by Org. Hy het die Barnes TSX-koeëls net ’n bietjie dieper in die doppe ingedruk. Die gewere het met die effens gemodifiseerde ammunisie gegroeper soos toe hulle splinternuut was. Die jagter moet oopkop wees en altyd bereid wees om iets by ’n kundige te leer.

RESPEKTEER DIE REËLS

Dit is hartseer om te hoor hoe jagters dikwels bloot die grond-eienaars se wense en instruksies verontagsaam. Die plekke waar ek mag jag se eienaars het baie goeie, maar streng wildbestuurstelsels. Hulle tel die wild, doen berekenings van hoeveel (manlike en vroulike) diere gejag moet word. Jagter, as die eenaar aandui dat sy manlike diere buite perke is, moenie moedswillig sy ramme of bulle jag nie!

As hy vra dat nie-trofeediere gejag moet word, respekteer sy wense en wanneer sekere spesies taboe is, soos byvoorbeeld roo-ribbokke, loop jy ’n wye draai om daardie kosbare diere. “Per

ongeluk” is beswaarlik ’n verskoning om verkeerde diere te jag. As slegs vroulike diere gejag moet word om die geslagsverhoudinge te herstel, gehoorsaam asseblief die eenaar. Ooie en koeie se vleis is deurgaans beter as trofeebulle en -ramme s’n!

GEDRAG TYDENS DIE JAGTOG

Dit gries ’n mens om rommel in die veld op te tel en dit spreek van jagters wat geen selfrespek, respek vir hul medemens of die natuur het nie. Plastieksakke is skadelik en glasbottels sny diere se kloue en pote. Bierblikke wat in die veld rondlê, vertel net een storie, en daarop wil ek nie eens verder uitbrei of reageer nie. Swak gedrag is onaanvaarbaar.

Dis wonderlik om by die vulstasie vir koffie te vertoef en jagters te sien opdaag, netjies in hul jagklere, terwyl hulle vriendelik met mense kommunikeer. Ons moet daardie beeld uitdra en nie die beeld van ’n skerminkel wat net alles wil vrek skiet en homself wangedra nie.

Gelukkig was al my vorige jagkollegas voorbeeldige mense. Wildplaaseienaars sien baie goue wie die moeilike knape is en hulle word bloot weggevoer na die eerste jagtog. As jy elke jaar genooi word om weer terug te keer na die jagbestemming, dan is jy op die regte pad. Kom groet die gidse en die slagmanne jou met die hand, is jy ’n welkome jagter.

LAASTE WOORDE

Ons almal maak wel soms (kwes)foute, maar dit moet as gevolg van omstandighede wees en nie as gevolg ons eie gedrag, swak ammunisie, ondiensbare gewere, of swak skietvaardigheid nie. Mense hou min van die term, etiese jag, maar vir my omvou dit die jagter soos ’n veilige, warm kombers: Dit hou die koue aanslae van die wêreld weg van jou lyf en karakter. ’n Bietjie introspeksie so dan en wan sal daardie kombers stewig om ons hou, en as daar dalk ’n paar gaatjies is, sal introspeksie daardie gaatjies stop. Lekker jag! 🌿

BOKSPOG

Stuur jou jagfoto's na: jagbydraes@media24.com.



Die wenner van dié maand se Bokspog wen 'n *Shadows Duffle Bag* en 'n *Shadows Colour Block Shirt* van Sniper Africa ter waarde van R995. Vir meer besonderhede en om jou prys te reël kontak Sniper by 0861-764-737.

WENFOTO



ALEX ZIETSMAN, TOSCA, NOORDWES. Rooibok, .30-06, 180gr PMP, 123m.




FRANCOIS DU PLESSIS, PERDEKOP, MPUMALANGA. Bosvark, .222, 50gr Hornady V-Max.



ANDRÉ VERMAAK, JANSENVILLE, OOS-KAAP. Koedoe, Tikka .300 Win Mag, 180gr Sierra GameKing, 270m.



REINHARDT CLAASSENS, THABAZIMBI, LIMPOPO. Rooibok, .243, 100gr.



LOURI SNYDERS (REGS) EN JOSH KRUGER (LINKS). OKAHANDJA, NAMIBIË. Gemsbokkoei, Musgrave .270, 130gr Nosler Partition, 140m.



ELIZNA VAN STADEN, STANDERTON, MPUMALANGA. Blesbokram, 150m.



GORDON SNEDDON, PIENAARSRIVIER, GAUTENG. Vlakvark, .303, 60m.



JADEN VAN WYNGAARD, MOEDWILL, NOORDWES. Rooibokram, .270, 100m.



CHARLES JAQUIRE, STANDERTON, MPUMALANGA. Rooihartbees, Tikka T3 .30-06, 180gr Hornady Superformance.



NEIL DE CONING, STUTTERHEIM, OOS-KAAP. Vlakvarkbeer, .270, 140gr, 60m.



BRIAN BAINES, HOFMEYR, OOS-KAAP. Gemsbok, 7mm Rem Mag, 162gr Hornady SST, 150m.

BLESBOK3KUNS

Hierdie jongman het reeds lekker jagstories om te deel...

My lekkerste tydverdryf as 'n jong seun was om my geweer op papierteikens en blikkies te rig en na hulle te skiet. Ek en my Daisy was altyd baie goeie maats – met hom het ek leer skiet. My liefde vir skiet en gewere het só begin en mettertyd ontwikkel. Na my eerste windbuks of twee het ek 'n baie akkurate 5.5mm pcplugdruk-geweer (*air rifle*) aangeskaf.

Ek kon egter nie ophou dink daaraan om my eerste bok te skiet nie, maar op die ouderdom van 11 jaar het ek toe wel die voorreg gehad...


1 MY EERSTE BOK
Ek en my pa het op 'n baie koue Saterdagoggend vroeg opgestaan en na oom Dean se plaas gery, naby die Die Wieg van die Mensdom (Cradle of Humankind) by Sterkfontein aan die Wes-Rand van Gauteng. Dit is nie baie ver van ons huis af nie, nie eens 'n uur se ry nie.

Op die plaas aangekom, het ons koffie gedrink en is toe vroeg skietbaan toe om seker te maak ek en die geweer is reg vir die jag. Ek het al verskeie kere met my pa se .308 geskiet en was vertrouwd met die geweer, sy

My eerste blesbok!



Ons braai in die veld. Ek en oom Francois praat oor lekker jagstories terwyl die ander manne (regs onder) luister.



teleskoop en sneller. Die .308 is 'n baie gewilde jag- en kompetitieskietgeweer, ook vir langer afstande, en veral vir klein- en mediumgrootte wildspesies.

Op die skietbaan was 'n paar toeskouers teenwoordig en ek was dus baie op my senuwees en moes hard op my tande byt om nie te bewe nie. Almal wou sien of ek die ghong op 100 meter kon raakskiet oor die skietstokke. Dit het ek darem reggekry!

Ons het toe met die bakkie gery om die blesbokke te gaan soek en het hulle sommer gou gekry. Ek, my pa en oom Dean is te voet agter hulle aan en het hulle deur die lang gras bekruipt.

Die bokke het nie lank stilgestaan nie, maar elke nou en dan gedraai, iets gevreet en weer 'n paar meter verder geloop. Toe ons hulle binne skietafstand kry, het ek dooierus oor 'n groot klip geneem en vir die blad gemik. Die skoot was raak, maar ongelukkig nie 'n doodskoot nie en ons moes toe die gekweste bok volg wat saam met die trop weggehardloop het.

Danksy oom Dean se kennis van sy plaas en die bokke se gedrag, het hy geweet waar hulle weer sou gaan staan. Ek het gelukkig onmiddellik gesien watter bok myne is – die bloed op sy blad was duidelik sigbaar. Hierdie keer was ons 'n bietjie nader en ek kon 'n tweede skoot



BO: Die verblyf op die plaas Windeheuvel naby Heilbron.

LINKS: 'n Blesbok wat ek op oom Schalk se plaas geskiet het.



inkry, dié keer 'n mooi kopskoot. Hy het onmiddellik dood neergeslaan. My eerste bok!

Ek was uit my vel van opgewondenheid! Almal het my hand geskud en my gelukgewens. Hulle was saam met my bly en ons het daar in die veld foto's geneem van die bok en ook van my inlywing as jagter toe ek my eerste rou lewer moes eet. Oom Dean en my pa het met die blesbok se bloed strepe oor my wange getrek. Dit was groot sports en sal my altyd herinner aan my eerste bok.

SLAGKAMER TOE

Dit was nogal 'n gespook om die bok by die bakkie te kry sodat ons slagkamer toe kon gaan. Vir die eerste keer het ek help afslag – ek het al baie gesien hoe my pa dit doen, maar omdat ek dié keer my bok self geskiet het, moes ek my hande vol bloed kry.

'n Blesbokram is gewoonlik 'n bietjie groter as die ooi en weeg ook heelwat meer. Hulle horings is effens langer as ooie s'n, maar die volwasse ramme se horings raak baie dikker by die basis van die horing. By »



My inlywing as 'n jagter. Rou lewer proe maar snaaks!

» sommige van die ouer ramme raak die ringe aan die onderkant van die horings baie wit.

2 MY TWEDE BLESBOK
Dit was seker omtrent twee jaar later dat ek my volgende geleentheid gekry het om 'n blesbok te gaan jag. Hierdie keer was dit op oom Schalk se plaas naby Villiers in die Riemland. Hier reël ons gewoonlik 'n langnaweekjag en ry sommer al Vrydagoggend vroeg plaas toe. Na die aankoms pak ons af en skiet gewere in en die Saterdagoggend gaan ons veld toe om te jag.

Die jag in hierdie terrein is bitter moeilik, want die bokke sien jou van ver af aankom op die Vrystaatse vlaktes. Hulle begin dan hardloop en gee jou ook nie maklik 'n kans op 'n skoot nie. Ons moes in 'n droë rivierloop gaan lê en wag tot die blesbokke naby genoeg was om te kan skiet. Ek en my pa het saam gelê en wag vir die regte bok. Ek het weer met my pa se .308 geskiet.

Die blesbokke het die heeltyd gemaal en gedraai en bly rondhardloop. Ons kon nie verstaan wat hulle so pla nie, totdat my pa op my skouer tik en sê: "Kyk terug, kyk agter jou." Ek het gesien hoekom hulle so rusteloos is: Daar was 'n alleenram agter ons wat op en af teen die lyn draad bly draf het. Gelukkig kon hy ons nie in die rivierloop sien lê nie. Stadig en baie saggies het ek omgedraai en gemaklik reggeskuif agter die geweer in – die tweepootrus was reeds op die regte hoogte gestel. Ek moes net die bok in die teleskoop kry en die kruishaar op die bok se blad plaas om die skoot moontlik te maak. Toe die bok draai en in my rigting kyk, weet ek: Nôú moet die skoot loop. Dit was 'n baie mooi skoot, reg deur die hart. Die ram het twee keer gedraai en toe net daar geval.

LEKKER TRADISIES

Op oom Schalk se plaas maak



ons gewoonlik die bokke wat die vorige dag geskiet is, se lewer gaar vir die volgende dag se middagete. Ek word altyd gevra om te help met die voorbereiding van die lewer, om dit te was, skoon te maak en dan ook die uie te sny wat saam met die lewer gebrui word. Ek gee nie om om dit te doen nie, want ek hou van lewer, en boonop is dit lekker om sulke tradisies by die ervare jagters te leer.

In die Vrystaat kan dit maar lekker koud word in die aand. Daar is nie krag of enige luukshede op die plaas nie, so ons stook die koolstoof vir hitte in die huis en 'n groot vuur buite waar ons kuier en jagstories deel.

Op die laaste dag gaan skiet ons gewoonlik met die haelgewere kleiduiwe by die dam. Dit is baie lekker, want dit raak gewoonlik 'n strawwe kompetisie om te sien wie die meeste kleiduiwe kan raakskiet sonder om

'n beurt te mis. (En ek sal eerder niks sê oor wie die beter skuts is, die jong seuns of die ou manne nie!)

3 WINDEHEUWEL SE WITTE

Die laaste blesbok wat ek nog bitter graag wou skiet, was 'n wit blesbok, en in 2019 het ek die kans gehad om dit te kon doen. Ek het saam met my pa en 'n klompie van ons vriende op oom Peter se plaas, Windeheuvel, net anderkant Heilbron, gaan jag.

Op hierdie plaas is baie, en ek bedoel baie, blesbokke! Omdat daar soveel is, is dit moeilik om een te identifiseer wat jy wil skiet. Skietafstande wissel tussen 200 en 300 meter en hier skiet jy van die bakkie af. Jy moet mooi vasstaan as daar gery word om die bokke te soek, maar as die blesbokke eers

staan, kan jy darem die geweer lekker stabiel op die skietsak neersit en die bokke eers mooi deur die teleskoop bekyk. Van die groter, volwasse ramme is gewoonlik aan die kante van die troppe besig om mekaar te karnuffel, terwyl die ooie en sommige van die jonger bokke in die middel van die trop bly staan. Ons almal kyk gewoonlik saam en identifiseer die beste en grootste ram wat geskiet kan word.

Pa se getroue .308 het hom weereens goed van sy taak gekwyt – 'n mooi, groot wit blesbokram is met die eerste skoot op die blad grond toe. Ek was ongelooflik trots op myself, want hierdie was 'n blesbok met 'n besonderse mooi vel. Dit lyk baie mooi op my kamer se vloer en herinner my elke dag aan hierdie lekker jag.

My maats het saamgery en kon die jagervaring met my deel. Hulle (Rikus Bezuidenhout en Marnus van Westing) het ook elkeen 'n blesbok geskiet, en Zander Jansen het 'n uitsoekspringbok geskiet. So 'n jagondervinding bou net meer vertroue op in jou eie vermoëns, en daarom het ek self my blesbok afgeslag en die pens uitgehaal (sonder om dit raak te sny, soos my pa soms doen.) Ons het die karkas mooi skoon gewas en toe in die koelkamer gehang.

My pa en sy vriende het 'n lekker tradisie: Tydens sulke jaguitstappies braai hulle die middag sommer daar in die veld. Ons maak droë takke bymekaar vir die vuur en braai wors of soms selfs lewer, op 'n toeknyprooster. En dan word daar lekker jagstories vertel.

Dis 'n besondere voorreg om saam met jou pa en vriende te gaan jag, want dis wanneer jy meer leer van jag, die veld, en die natuur. Ek lag altyd lekker vir hulle stories en terwyl ek luister, dink ek aan eendag as ek ook daar gaan kom! Maar my jagstories begin nôú eers! 🌐

Adverteer
Advertise in

JAGTER
SUIDAFRIKAANSE - SOUTH AFRICAN
HUNTER



Jacques Boshoff

Tel: 012-485-9357 | Sel: 079-528-8793

jacques.boshoff@media24.com

Rina Hattingh

Tel: 012-485-9361 | Sel: 072-605-4897

rina.hattingh@landbou.com

Ronnie Robbertze

Tel: 012-485-9397 | Sel: 072-223-0533

ronnie.robberze@media24.com

Amanda:

076 720 5853

sub@maphefosigns.co.za

@Maphefosublimation

www.maphefosigns.co.za



WE COURTESY
REPRODUCTION
A SUBSIDIARY
OF MAPHEFO

MAP
Sport

FULLY
SUBLIMATED
FROM TINY
TO HUGE
SIZES



T-SHIRTS
LONG & SHORT SLEEVES
FROM R230



LOAD,
AIM & FIRE

WINDBREAKERS:
FROM R420

JACKETS:
FROM R570

Where Ideas and Designs come to life



BLITZ
BLADE SHARPENER



Any blade super sharp
in a **Blitz!**

0823761835

mooiblit@gmail.com

www.blitzblade.co.za

Includes 2 belts

EURO-VATO
SUPPRESSORS AND
MUZZLE BRAKES
100% Titanium

ULTRA-LIGHT

ACCURATE

DURABLE

EFFECTIVE

Euan 082 556 5474 // www.euro-vato.co.za // info@euro-vato.co.za



RANYATI

FIREARM MOTIVATIONS (PTY) LTD

Office

www.firearmmotivations.co.za

Tel: 087 151 0987 | Fax: 086 529 2791

Email: info@firearmmotivations.co.za

Motivations - Occasional hunting & sport shooting, Dedicated hunting & sport shooting, & Self-defence | Renewals | Appeals | Deceased Estate - Firearms
Firearm Storage

ARMTEC SYNTHETIC STOCKS

P. O. Box 20481, Noordbrug, 2522 (Potchefstroom)

Chris 082 853 7134, Office (Daleen) 083 531 5860

Fax 0866 284 893 • www.armtec.co.za



Manufactured from multi-layered fibreglass cloth, laminated under pressure and filled with hi-tech composite materials. Finished in non-slip, chip-resistant epoxy coating. Available for Lee-Enfield, P14 and Bmo.

Custom-built stocks for all other makes.


Dovetail Wooden Boxes

- Standaard-ammunisiekassie: R470
- Gravering ekstra.
- Kan landswyd koerier @ R100
- 100gat-rubber/hout-herlaaiborde. R250
- 50gat-rubber/hout-herlaaiborde. R200
- Kan twee herlaaiborde vir R100 koerier.

IDEALE GESKENK

Lizelle Louw: 083-257-4041 | E-pos: lizellelouw@gmail.com

www.dovetailwoodenboxes.com



The restored Moreton Cape gun has pride of place in my collection and is shown here (top) on the wall of my study with another of my antique firearms.

THE GUN FROM KLEESFONTEIN

A mystery Cape gun from the Karoo...

Kleesfontein... where is it and who was Jan Munik? These are questions I've frequently asked myself since the day I attended an auction where numerous items were on sale

from the estate of a descendant of James Logan from Matjiesfontein in the Karoo. At the auction I was fortunate to acquire a few things, not the least of which was a Cape gun with a 16g shot-gun barrel alongside a .577 rifle

barrel, a rare old beauty.

This Cape gun was made in the workshop of J Moreton & Co, a well-established British gunsmith of the 19th century that was situated in London, where they operated out of vari-

ous addresses for over a century. They were known for the quality of the working guns which they built, particularly for export to the colonies where these guns were used by farmers and hunters alike.




A view of the gun's action showing the sidelocks and hammers. The gun required a lot of attention and restoration but is once more ready for the hunting fields.

This particular gun was the property of a farmer by the name of Jan Munnik who lived on the farm Kleesfontein. All this I discovered as I cleaned the stock. There it was, beautifully and neatly inscribed in cursive writing on the left side, the owner's name as well as his farm's. I haven't been able to trace either one. There seems to have been a number of Jan Munniks in the Cape during the 19th and early 20th centuries. It is anybody's guess as to how this gun ended up in the James Logan collection of weapons which were sold at auction after the death of his grandson.

One's imagination runs wild thinking of all the battles this old gun must have fought. How many animals were brought to the family table, or how many vermin were destroyed to protect the farm animals? Was the weapon ever used to protect the family? So many questions, and one would love to hear all the tales and adventures that it and its owners went through.

INITIAL BAD CONDITION

The old workhorse was in a sorry state when I initially acquired it. The stock was chipped



A previous owner of the Cape gun, Jan Munnik from the farm Kleesfontein, applied his details to the stock, as can be seen here.

and cracked, the barrels were full of debris, and the percussion caps were very badly corroded. On the positive side though, there was no visible rust and the hammers and locks appeared to be in good shape.

I stripped the gun down to its last screw and fitting, and thoroughly assessed the damage. My first priority was to properly clean and inspect the barrels to see if they could still be serviceable. Fortunately they were in

good condition and were soon shining like a new penny. With the aid of a good bore light, I could see that there were no signs of rust anywhere. If I could clean up the threads for the percussion caps and source caps to fit, the barrels could be given a new lease of life.

THE RESTORATION BEGINS

The removal of the percussion caps took a fair amount of persuasion but fortunately the threads

were in perfect condition, and with the help of Christiaan at Classic Arms in Witbank, we were able to find caps of the right thread and size that fitted perfectly. For the stock, I visited my old friend Bennie Laubscher in Paarl for advice on how to make a repair that is safe and works well. I knew that I could count on a very honest assessment from him.

After close examination, Bennie said he felt that the cracks »

» were superficial and outside of the major stress areas in the stock. They could thus be fairly easily repaired and was something that I could do myself if I followed his advice carefully. I was extremely grateful for his guidance as I really hoped to see this old workhorse through to its full working potential with my own hands. A careful and thorough cleaning followed, removing old oil residue and dust. Then it was time for a course of treatment with some very fine matching sawdust mixed into an epoxy to fill the chipped areas of the stock.

After stripping the hammers and the locks, I was pleasantly surprised to find that once cleaned, there were nothing wrong with the mechanisms. The trigger system, which in these old guns is often extremely simple, was perfect. The springs all seemed to be in working condition, as was the sears and the screws, with no signs of corrosion on them or in the threaded holes.

Once I had finished the clean-up, I put the locks back into their rightful place. The whole gun was then easy to reassemble, and I was very pleased when the barrels fitted flawlessly into the frame with absolutely no play at all, locking the gun together beautifully. After they arrived from Classic Arms, the nipples fitted correctly, and the hammers, despite being a little worn, seated perfectly on them. Now for the next and most exciting phase of this amazing journey!

SHOOTING THE OLD GUN AGAIN

I have a good friend, Neville, with whom I have spent many long days hunting and shooting



The Cape gun was made by J Moreton & Co of London. Moreton was known for supplying guns for export to various British colonies.

with old muzzle-loaders. Neville naturally came along to share the “rebirth” of a Cape gun that for so many years was just gathering dust.

We decided to start with a few loads for the 16g shotgun barrel. We set ourselves up with a clay pigeon trap adjusted for a going-away clay bird at a normal hunting distance of 20m or so. The first load was 7/8 ounces of No 7 lead shot propelled with 70gr of Sannadex powder behind a cork wad held in place with a thick cardboard disc.

The idea was to work up a load which would give us consistent results on the clays simulating a Cape francolin flushed up by a working dog. After a fair bit of experimentation, we settled on 85gr of Sannadex behind the 7/8-ounce lead load which performed consistently and spoke with authority on the clays.

THE RIFLE BARREL COMES TO LIFE AGAIN

The next task was finding an optimal load and bullet type for the rifle barrel. We both had lead balls of 260gr, as well as Miniés of 430gr to test. As they had proved successful in another .577 rifle of mine (a short-barrel 1861 Enfield), we started off with the Minié. The first load was 70gr of Sannadex behind the Minié.

I felt a lump in my throat at the joy of hearing that resonating sound and the cloud of white smoke coming from the old barrel for the first time in who knows how many years. The first shot was about 30cm low and right of point of aim.

We fired off three shots with the same load and found that the grouping was consistent, but then upped the load to 85gr Sannadex and tried again. This time the shots landed on the centre line

but still too far to the right. We then tried a patched ball with the same load of powder. The first shot was spot-on vertically but low. After three shots we ended up with a satisfactory grouping showing that we possibly needed to increase the powder load, and after extensive testing, we finalised on the patched ball and a load of 100gr Sannadex which gave us consistent accuracy at 70m. Just to make sure, we fired a grouping at 100m with the rear site leaf for 100y lifted and found the grouping to be quite adequate for practical hunting purposes.

It was an amazing feeling to have brought this old gun back to life again and to be able to share the experience with my hunting partner. Having gotten it working again, it was time to put the gun to the ultimate test during a Karoo hunt, but that is a story for another day! 🎯



A SHORT ANSWER

WHAT EXACTLY IS A CAPE GUN?

A Cape is a combination gun. British versions are commonly chambered for the .303 British service cartridge and a 12-gauge smoothbore barrel, with the rifled barrel positioned on the left. German and Austrian Cape guns have the rifled barrel on the right side, which is fired by the front trigger. The front trigger is usually a set trigger as well. The German and Austrian versions are commonly chambered in 9.3×72mmR and 16-gauge.

OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK: Rina Hattingh

Tel: 012-485-9361 | Sel: 072-605-4897 | E-pos: rina.hattingh@landbou.com



FOTO: NIC DE BRUINE

JAGTERSMARKVORM | HUNTERS MARKET FORM

Die advertensie sal verskyn onder JAGTERSMARK/HUNTERS MARKET.

**JAGTER
HUNTER**
MEDIA 24
ADVERTENSIE: KIES EEN (X)**A** = R355 - 20 woorde (opskrif uitgesluit) - *Net bewoording***B** = R1 080 - Swart/wit bewoording met kleurlogo ingesluit - 40mm Wyd x 105mm Hoog**C** = R635 - Swart/wit bewoording met kleurlogo ingesluit - 40mm Wyd x 50mm Hoog

Die sluitingsdatum vir die advertensies is 30 dae voor die volgende maand se uitgawe.

Geen advertensie sal geplaas word sonder 'n volledig voltooide aansoekvorm en betaling nie.

Pryse is BTW ingesluit. Rates are VAT included.**ADVERTENSIE VIR:**

		(maand)
tot		(maand)
Bedrag inbetaal	R	

BANKBESONDERHEDE: Media24 Die Burger | ABSA | Rekening: 0550000059
 Takkode nodig vir elektroniese inbetalings: 632005

Gebruik u Media24-rekeningnommer as verwysing, indien u een het. Andersins, naam en van of in die geval van 'n besigheid, die besigheid se naam.
E-POS BEWYS VAN BETALING NA: rina.hattingh@landbou.com**KATEGORIE/CATEGORY: KIES EEN/CHOOSE ONE (X)**

JAGGELEENTHEDE/ HUNTING OPPORTUNITIES		TE KOOP/ FOR SALE		GESOEK/ WANTED		DIENTE/ SERVICES		ANDER/ OTHER	
--	--	------------------------------	--	---------------------------	--	-----------------------------	--	-------------------------	--

BEWOORDING VIR ADVERTENSIE :

OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK: Rina Hattingh
Tel: 012-485-9361 | Sel: 072-605-4897 | E-pos: rina.hattingh@landbou.com

JAGGELEENTHEDE | HUNTING OPPORTUNITIES

**LASARUS GAME FARM,
ALBERTINIA/RIVERSDALE**

Best hunting farm in the Western Cape. No hidden costs.
Rifle/bow/biltong/trophy hunt.
Full/self-catering.
45 species.
Owner is a professional hunter and outfitter.
082-443-1147/082-448-3975
www.lasarusgamefarm.co.za
info@lasarusgamefarm.co.za

**NAAUWPOORT SAFARIS,
ELLISRAS**

Jaggeleentheid. Volop wild.
Netjies, ten volle toegeruste jagkamp.
Akkommodeer 18 persone.
Korporatiewe groepe welkom.
Vleisverwerking beskikbaar.
Riana: 082-788-1883
E-pos: rdb@dmv.co.za

**JAGGELEENTHEDE –
AUCH MACOY**

Agt kilometer buite Bloemfontein. Agt jagspesies.
Selfsorgeenhede.
Slag- en koelkamergeriewe.
Skakel Davin: 079-870-0499
of Maryke: 051-407-6938
marykeb@satb.co.za

**THABAZIMBI
BUSHVELD HUNTING**

Quality hunting with lots of game. Rifle and bow hunting.
Self/full-catering.
Family/Corporate groups welcome.
Phone/SMS/WA:
083-627-0350
Email: office@limcroma.com

**KALAHARI-JAG
MCCARTHY'S REST**

200km noord van Kuruman, 7km voor Botswana-grens.
Vir pryslys en meer inligting, kontak Fernando:
082-224-5000
mabuabookings@gmail.com

**KALAHARI HUNTING –
NORTH WEST**

(Between Vryburg and Tosca)
Twenty species.
Self-catering, accommodating 18 (max four hunters in the field).
Trophy and biltong hunting all year round.
Cold rooms, swimming pool, DSTV.
www.sandveldhunting.co.za
Slimkoos@sandveldhunting.co.za
Koos: 082-900-3051

**KEWULANE SAFARIS – VRYHEID,
KWAZULU-NATAL**

Toegeruste kamp vir 12 jagters.
15 spesies beskikbaar.
Slag- en koelgeriewe beskikbaar.
Pryslys en navrae:
E-pos: lidia@secutech.co.za
083-777-6548

KAMEELDORING SAFARIS

Jaggeleentheid op twee plase: Amalia, Noordwes.
Kalahari, Noord-Kaap.
Gemsbok, blouwildebees, eland, blesbok.
Tel: 056-514-9304 Yolande
www.kameeldoringsafaris.co.za

DIENTE | SERVICES

**QUINTIN JORDAAN
ATTORNEYS**

Firearm licence and firearm appeal applications (100% success rate). Also sequestration and liquidation applications.
Phone: 082-805-0674 (Pretoria)

**JUST MOTIVATIONS –
R350**

Custom firearm motivations. 100% success rate.
Afrikaans/English.
SMS email address to 082-567-8437 Johan Justus, retired SAPS Colonel.

TE KOOP | FOR SALE

WILLIAM EVANS SHOTGUN

1904 William Evans, stainless steel, 30" barrels and ejectors, chambered for 70mm cartridges.
R20 000.
Zack: zack@sbhlawyers.co.za
082-688-8977



WELCOME TO SRS AND OPTICS

Manufacturer of Premium Rifle Stocks



SKAAPBOER
KOLWE



PROFESSIONAL OPTICS



SRS and Optics stocks a wide range of Professional Optic Solutions

Johann: 082-410-6827

Email:

wjff0824106827@gmail.com

www.srsandoptics.co.za

Adverteer
Advertise in

**JAGTER
HUNTER**
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

Jacques Boshoff

Tel: 012-485-9357

Sel: 079-528-8793

jacques.boshoff@media24.com

Rina Hattingh

Tel: 012-485-9361

Sel: 072-605-4897

rina.hattingh@landbou.com

Ronnie Robbertze

Tel: 012-485-9397

Sel: 072-223-0533

ronnie.robberitze@media24.com



Hornady


NEVER COMPROMISE

A T A N Y D I S T A N C E

ELD-X®

EXTREMELY LOW DRAG EXPAND

- Match-accurate hunting bullet
- Best-in-class BCs
- Devastating conventional range performance
- Best extended range terminal performance available



Available as component bullets or in factory-loaded Precision Hunter™ ammunition



2 660 fps




1 800 fps

ELD® Match

EXTREMELY LOW DRAG MATCH

- Best-in-class BCs
- Delivers the **highest degree of accuracy** and bullet-to-bullet/lot-to-lot **consistency**
- **Accurate**, radar-verified BCs



Available as component bullets or in factory-loaded Match™ ammunition.



Available at all participating dealers.
Contact Inyathi to locate your nearest dealer.



THE PERFECT TIP

The new **Heat Shield®** tip of the **ELD-X®** and **ELD® Match** bullet outperforms BTHP bullets because the tip's heat-resistant polymer defies the effects of aerodynamic heating and retains its shape to form the perfect meplat.

